

DIE KONJUGASIE VAN DIE WERKWOORD
IN NDONGA

deur

Johannes Jurgens Viljoen

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die
graad

Magister Artium

in die Departement

Bantoetale

van die Universiteit van Suid-Afrika

Windhoek 1972

<u>HOOFSTUK</u>	<u>BLADSY</u>
Voorwoord	(x)
INLEIDENDE HOOFSTUK	(xi)
Doel en metode	(xii)
Afkortings en simbole	(xvi)
Toon	(xvii)
Bylaes en bronnelys	(xvii)
 I KATEGORIE A	
Morfologiese struktuur	1
Inleiding	1
Kategorie A as naamwoord	1
Kategorie A as werkwoord	3
(i) Stam (wortel + uitgang)	3
(ii) Refleksiewe vormelement /- <u>i</u> -/ ...	3
(iii) Voorwerpskakel	4
Assimilasie, konsonantialisasie en vokaalverlenging by die voorwerp- skakel	4
(iv) Die vormelement /- <u>ka</u> -/, uitgang / - <u>a</u> /	6
(v) Negatiewe vormelement /- <u>ha</u> -/	8
(vi) Prefiks / <u>oku</u> -/	9
Betekenis en gebruik	9
As onderwerp	10
As voorwerp	10
Met intensiteit deur herhaling	10
Met die kwantitatief	11
Met 'n demonstratief	11

HOOFSTUKBladsy

Na sekere hulpwerkwoorde in saam- gestelde gesegdevorme	11
Met die werkwoordagtervoegsels	12
Passief /-w-/~/-iw-/	12
Applikatief /-el-/~/-il-/~/-en-/~ /-in-/	13
Kousatief /-ith-/	14
Neutro-aktief /-ik-/~/-ek-/	16
Neutro-passief /-ik-/~/-ek-/	16
Transitiewe vormelemente /-ul-/, /-ol-/ en /-on-/	17
Intransitiewe vormelement /-uk-/~/-ok-/	18
Denominatiewe vormelemente /-p-/, /-pal-/ en /-pek-/	18
Duratiewe vormelemente /-agul-/, /-agan-/	18
Reversiewe vormelemente /-ulul-/ (transitief) en /-uluk-/ (intran- sitief)	19
Resiprokalis /-athan-/	20
Intensiewe vormelemente	20
Verdubbelde werkwoordstamme	22
Kombinasies van die suffigale vormelemente	23
Gevolgtrekking	25
 II KATEGORIE B	
Morfologiese struktuur	26
Inleiding	26
(i) Stam (wortel + uitgang)	27
(ii) Refleksiewe vormelement /-i-/	29
(iii) Voorwerpskakel	31
(iv) Vormelement /ka-/, uitgang /-e/	36
(v) Negatiewe vormelement /ina-/	36
(vi) Meervoudsagtervoegsel /-eni/~ /-ii/	37
Gevolgtrekking	39

III	KATEGORIE C	
	Morfologiese struktuur	40
	Inleiding	40
	(i) Stam (wortel + uitgang)	41
	Nie-normale stamme	41
	Normale stamme	42
	Vokaalassimilasie	43
	Tweelettergrepige werkwoordstamme ..	43
	Tweelettergrepige werkwoordstamme op <u>-ika</u>	48
	Meerlettergrepige werkwoordstamme ..	49
	(ii) Refleksiewe vormelement / <u>-i-</u> /	51
	(iii) Voorwerpskakel	51
	(iv) Vormelement /- <u>ka-</u> /, uitgang / <u>-a</u> /	52
	(v) Onderwerpskakel	52
	Assimilasie van die onderwerp- skakel	53
	Vokaalwerkwoordstamme	53
	Voorwerpskakels	54
	Werkwoordstam <u>-ya</u> 'kom'	54
	Vormelement /- <u>ka-</u> /	54
	Vormelement / <u>ina-</u> /	55
	Refleksiewe vormelement /- <u>i-</u> /	56
	(vi) Vormelemente /- <u>ta-</u> /, /- <u>ha-</u> /, / <u>na-</u> / uitgange /- <u>a</u> /, /- <u>o</u> /, / <u>-u</u> /, /- <u>e</u> / en /- <u>i</u> /	57
	Vormelement /- <u>ta-</u> /	57
	Vormelement /- <u>ha-</u> /	58
	Vormelement /- <u>na-</u> /	60
	(vii) Die aanvangselement / <u>o-</u> / ...	60
	(viii) Negatiewe vormelemente / <u>i-</u> / / <u>ina-</u> / en <u>ka-</u> /	60
	Vormelement / <u>i-</u> /	60
	Vormelement / <u>ina-</u> /	61
	Vormelement / <u>ka-</u> /	62
	(ix) Vormelement / <u>ha-</u> / 'tog/mos' .	62
	(x) Meervoudsagtervoegsel /- <u>eni</u> /.	64
	(xi) Vormelement /- <u>il-</u> /~/- <u>el-</u> /~	

~ /- <u>in</u> -/~ /- <u>en</u> -/	65
Variant /- <u>il</u> -/	65
Variant /- <u>el</u> -/	66
Variant /- <u>in</u> -/	66
Variant /- <u>en</u> -/	66
Betekenis en gebruik	67
Subkategorie C1	67
Subkategorie C2	68
Subkategorie C3	69
Subkategorie C4 (a, b, c)	70
Verdere voorbeelde van Kategorie C met werkwoordagtervoegsels	74
Slot	75
Gevolgtrekking	75

IV KATEGORIE D

Morfologiese struktuur	76
Inleiding	76
(i) - (iv)	77
(v) Onderwerpskaksel	78
(vi) Vormelemente /(-) <u>ta</u> -/, /(-) <u>ha</u> -/ uitgange /- <u>a</u> /, /- <u>o</u> /, /- <u>u</u> /, /- <u>e</u> / en /- <u>i</u> /	79
(vii) Negatiewe vormelemente /i-/ ... /- <u>ha</u> -/ /i <u>na</u> -/ ... /- <u>ha</u> -/ /k <u>a</u> -/ ... /- <u>ha</u> -/	80
(viii) Meervoudsagtervoegsel /- <u>eni</u> /	82
(ix) Vormelement / <u>ha</u> -/	82
(x) Uitgang /- <u>il</u> -/~ /- <u>el</u> -/~ /- <u>in</u> -/ ~ /- <u>en</u> -/	82
Betekenis en gebruik	82
Subkategorie D1	82
Subkategorie D2	82
Subkategorie D3	83
Subkategorie D4 (a, b, c)	83
A. As werkwoord as sodanig	83
Uitdrukking van gelyktydige handelinge	83

<u>HOOFSTUK</u>	<u>BLADSY</u>
Na sekere voegwoorde	84
Na die hulpwerkwoord <u>-li</u> in saamgestelde gesegdevorme	84
Na werkwoorde wat hulpwerkwoordelik optree in saamgestelde gesegde- vorme	85
B. Werkwoorde in Kategorie D saam met 'n antesedent	85
Kopulatiewe groepe	85
Werkwoordgroepe as predikate	86
Direkte verhouding	86
Indirekte verhouding	87
Voorwerpsverhouding	87
Bywoordelike verhouding	88
Instrumentaal-bywoordelike ver- houding asook die konnektief- bywoordelike verhouding	88
Agentief-kopulatiewe verhouding ...	89
Kategorie D voorafgegaan deur <u>molwa- polwa-en nga-</u>	90
Possessiewe verhouding	90
Hulpwerkwoorde	90
Gevolgtrekking	91
V KATEGORIE E	
Morfologiese struktuur	93
Inleiding	93
(i) Stam (wortel + uitgang)	94
(ii) Refleksiewe vormelement / <u>-i-</u> /	95
(iii) Voorwerpskakel	95
(iv) Onderwerpskakel	95
(v) Vormelemente /-ka-/-/ka-/, /na-/, uitgang /-e/	95
(vi) Meervoudsagtervoegsel /-eni/ .	98
(vii) Negatiewe vormelemente /-ha-/, /-haha-/, /kaha-/ en /ina-/ ..	99
(viii) Vormelement /ha-/ 'tog/mos' .	99
Betekenis en gebruik	99
Subkategorie E1	100

<u>HOOFSTUK</u>	<u>BLADSY</u>
Subkategorie E2	100
Subkategorie E5	100
Voorbeelde van gebruik	100
Gevolgtrekking	102
 VI SAAMGESTELDE KATEGORIE F	
Saamgestelde subkategorie F1(a) ...	104
Saamgestelde subkategorie F1(b) ...	107
Saamgestelde subkategorie F1(c) ...	107
Betekenis en gebruik	108
Saamgestelde subkategorie F2(a) ...	110
Saamgestelde subkategorie F2(b) ...	111
Saamgestelde subkategorie F3	112
Werkwoordstamme gevolg deur Kategorie A	112
Werkwoordstamme gevolg deur Kategorie D	115
Werkwoorde gevolg deur Kategorie E	116
 VII OPSOMMING	119
 BRONNELYS	130
Bylae A aanwoordelike klasprefikse ...	133
Bylae B Die onderwerpskakel	134
Bylae C Die voorwerpskakel	147

TABELLE

<u>Tabel</u>	<u>Beskrywing</u>	
I	Nie-normale werkwoordstamme teenoor normale ekwivalente .	41
II	Kombinasie /- <u>ha</u> -/ + onder- werpskakel	59
III(a)	Kombinasie o/s + /- <u>a</u> /	78
(b)	Kombinasie o/s + nie-normale werkwoordstamme	79
IV	Negatiewe konjugasie nie-normale werkwoordstamme .	81
V	Kombinasie / <u>na</u> -/ + o/s	96
VI	Kombinasie / <u>na</u> -/ + o/s + werkwoordstam + /- <u>e</u> /	97
VII	Saamgestelde subkategorie F2(a) positiewe konjugasie .	110
VIII	Saamgestelde subkategorie F2(a) negatiewe konjugasie .	111
IX	Saamgestelde subkategorie F2(b) positiewe konjugasie .	111
X	Saamgestelde subkategorie F2(b) negatiewe konjugasie .	111

OPSOMMING

.01 Met vorm en betekenis as uitgangspunt, word nadat 'n inventaris van die werkwoorde in Ndonga gemaak is die volgende werkwoordkategorieë onderskei, nl. A, B, C, D, E en saamgestelde Kategorie F.

.02 Kategorie A het die prefiks oku- en die afwesigheid van 'n onderwerpskakel as onderskeidende kenmerke. Werkwoorde in Kategorie A het naamwoordelike sowel as werkwoordelike funksie.

.03 Kenmerkend van Kategorie B is die afwesigheid van alle prefigale vormelemente aan die werkwoordstam in die positiewe konjugasie. Alleenlik onderwerpskakels van die tweede persoon enkelvoud en meervoud word in die negatiewe konjugasie gebruik. Assimilasie, konsonantalisasie en vokaalverlenging soos van toepassing, word in hierdie hoofstuk bespreek.

.04 Kategorie C word gekenmerk deur 'n onderwerpskakel wat in die positiewe sowel as die negatiewe konjugasies gebruik word. Subkategorie C1 word onderskei vir handeling in die hede. Normale en nie-normale werkwoordstamme word behandel. Subkategorie C2 druk handeling uit wat in die toekoms kan of gaan gebeur. Subkategorie C3 met die vormelement /-ha-/, vir gewoontelike handeling. Subkategorie C4 (a), (b) en (c) druk handeling uit in die verlede.

.05 Kategorie D word vormlik van Kategorie C onderskei op grond van die afwesigheid van die vormelement /o- in die positiewe sowel as die negatiewe konjugasie van die werkwoord. 'n Negatiewe vormelement /-ha-/ tree in die negatief op met gevolglike assimilasie. Werkwoorde in Kategorie D tree

in twee verskillende sintaktiese verbande op. Eerstens as werkwoord as sodanig om gelyktydige handelingte uit te druk, of as werkwoord na sekere voegwoorde. Tweedens tree werkwoorde in Kategorie D saam met 'n antesedent op. Die antesedent word as onderwerp of as voorwerp gebruik. Subkategorieë D1, D2, D3 en D4 (a), (b) en (c) word hier onderskei.

.06 Kategorie E dra die noodsaaklike morfologiese kenmerke onderwerpskakel + die werkwoordstam op /-e/. Subkategorie E1 bestaan uit 'n onderwerpskakel + werkwoordstam op /-e/ in die positief en onderwerpskakel + /-ha-/ + werkwoordstam op /-e/ in die negatief. Subkategorie E2 met die vormelement /-ka-/ is 'n kenmerkende kombinasie vir handelingte in die toekoms. Subkategorie E5 maak voorsiening vir die kombinasie /na-/ + onderwerpskakel + werkwoordstam op /-e/.

.07 Saamgestelde Kategorie F met die volgende subkategorieë: Saamgestelde subkategorie F1 (a), (b) en (c) vir handelingte in die verlede. Saamgestelde subkategorie F2 vir 'moet/moes', en saamgestelde subkategorie F3 waar werkwoordstamme in 'n saamgestelde konstruksie hulpwerkwoordelik optree.

V O O R W O O R D

Geldelike bystand van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing ten opsigte van koste van hierdie navorsing word hierby erken. Menings in hierdie werk uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die skrywer en moet in geen geval beskou word as 'n weergawe van die menings of gevolgtrekkings van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing nie.

Opregte dank word betuig aan

my studieleier, prof. D. Ziervogel,
vir sy raad en leiding

mnr. P. Amakali vir sy waardevolle
wenke en kontrolering van die
NDONGA-woorde

en aan Ida vir haar moed en geduld.

Aan mev. Rika Malherbe my opregte
dank vir die fikwerk wat sy onder
moeilike omstandighede onderneem het.

INLEIDENDE HOOFSTUK

0.1 Abraham Y'amwelo, 'n lid van die Kwaluudhistam in Owambo (voorheen 'Ovamboland'), verklaar die ontstaan van die Wambo's as volg:

Ondonga is the mother of all nations. The nations came into being in the following order. First Ondonga gave birth to Uukwanyama. Uukwanyama is therefore the first born. Uukwambi follows him. Ongandjela is the middlemost and Uukwaluudhi who is the youngest child, follows him. Ombandja, Evale and Kathima are Uukwanyama's child, but Ondonga's grandchild. Uukolonkadhi, Onkwanka, Ondombovola, Eshinga and Odongwena are the children of Ongandjela and Uukwaluudhi. Ondonga is the grandmother of all nations. For this reason all the nations are called the grandchildren of Ondonga, since Ondonga is the first of all nations.

(Matti Kuusi , 1971, p.5)

0.2 Owambo word onderverdeel in die volgende stamgebiede: Ndonga, Kwanyama, Kwaluudhi, Kwambi, Mbalantu, Kolonkadhi-Eunda en Ngandjera. As amptelike skryftale geniet Ndonga en Kwanyama gelyke bevestiging. Ndonga egter word oorheersend as skooltaal gebruik. Hierdie verskynsel is toe te skryf aan die sendingaksie van die Finse Sendinggenootskap wat sendingwerk onder veral die Ndongas gedoen het. Die vroeë literatuur wat vir skoolgebruik geskik was, was deur die Finne hoofsaaklik in Ndonga geskryf.

0.3 In 1966 verskyn die amptelike ortografie vir Ndonga soos opgestel deur die Inboorlingtaalburo in Windhoek. Tot en met die verskyning van hierdie standaardskryfwyse, was dit die taal geskryf in die ortografie van die sendelinge. Van T.E. Tirronen verskyn die volgende belangrike werke m.b.t. Ndonga: Praktiese Ndonga, tweede druk 1972. Hierdie grammatika handboek vir beginners is geskryf vir blankes wat Ndonga wil aanleer. In 1965 verskyn van dieself-

de skrywer sy 'Oompango daOshindonga', 'n grammatika in Ndonga geskryf vir gebruik in skole in vorms I-III. In sy 'Phonology of Ndonga', 1957 gee hy 'n uiteensetting van die vernaamste klankverskuiwings en klankwette soos van toepassing op Ndonga uit Oer-Bantoe. 'Ovambo Proverbs with African parallels', deur Matti Kuusi, uitgegee deur die FF Communications, Helsinki, 1970, is 'n bron van inligting vir elke student in die Wambotale. Hierdie werk bevat 'n versameling van 2483 verskillende spreekwoorde en uitdrukkings saamgestel uit die versamelings van die vroegste sendelinge wat in hierdie gebied werksaam was.

Doel en Metode

0.4 Vir die student in die Bantoetale is die begrippe 'modus', 'tyd' en 'aspek' dikwels verwarrende begrippe en nie duidelik omlyn nie. Verskillende grammatici gee verskillende verklarings aan hierdie terminologieë wat slegs verder tot die verwarring bydra. Die vraag ontstaan dan ook of daar geen ander metode bestaan waarvolgens die werkwoord ingedeel kan word sonder om verstrengel te raak in die gebruik van gekte terminologie nie.

0.5 Wat die klassifisering van die werkwoordvorme in Ndonga betref, word die indelingsbeginsels van W.J. Kruger, soos vervat in sy ongepubliseerde proefskrif Die werkwoordkategorieë in die Sothotale, Unisa, 1971, met die nodige aanpassings vir die Ndonga werkwoord gebruik. Aangesien die vormlike, d.w.s. die morfologiese samestelling, vir die beginner die aangewese afspringplek is, sal dit in hierdie studie as uitgangspunt geneem word. Betekenis word egter ook nie buite rekening gelaat nie.

0.6 "Morfologies is die noodsaaklike werkwoordeienskap-

pe die van wortel + uitgang (Kruger, 1971, p.5)". 'n Werkwoord is dan daardie deel wat in sy eenvoudigste samestelling bestaan uit 'n onderwerpskakel plus die werkwoordstam.

0.7 Omdat alle werkwoordvorme of werkwoordkategorieë onder bepaalde omstandighede bepaalde vormelemente in hul kombinasie insluit, bied dit kenmerke wat 'n basis tot klassifikasie kan bewerkstellig. Kombinasie van verskillende vormelemente met die basiese werkwoord, d.w.s. onderwerpskakel + stam, kan as volg geïllustreer word;

0.8 In die voorbeelde

(a) oshikombo otashiende pedhiya

'die bok loop naby die vlei'

neg.

oshikombo itashiende pedhiya

'die bok loop nie naby die vlei nie'

teenoor

(b) ... opo shaaende pedhiya

'dat dit (bok) nie naby die vlei loop nie'

met

(c) oshikombo ohashiende pedhiya

'die bok loop (gewoonlik) naby die vlei'

neg.

oshikombo ihashiende pedhiya

'die bok loop nie (gewoonlik) naby die vlei nie'

teenoor

(d) oshikombo oshina okweenda pedhiya

'die bok behoort naby die vlei te loop'

kan die volgende afleidings gemaak word: In (a) word die vormelement /-ta-/ gebruik met die werkwoorduitgang /-e/. Met die vervanging van /-ta-/ deur /-ha-/ word 'n verdere betekenis van 'gewoontelike handeling' aan die werkwoord gegee.

Vergelyk (c) hierbo. In (b) ontbreek beide elemente /-ta-/ en /-ha-/. Die werkwoord kan dus in sy samestelling eenvoudig van aard wees (onderwerpskakel + stam), maar met verskil in betekenis. In (d) ontbreek /-ta-/ en /-ha-/. Die element /o-/ verskyn hier as aanvangselement. Dit sou ondenkbaar wees om in hierdie geval die volgende:

oshikombo otashina okweenda pedhiya

te kry.

In die positiewe konjugasie van voorbeeld (b)

... opo sheende pedhiya

< *shi/END/e

'sodat die bok naby die vlei loop'

bestaan hierdie werkwoord uit 'n basiese onderwerpskakel, d.i. 'n onderwerpskakel waar geen pre- of suffigale vormelemente voorkom nie + die werkwoordstam wat uitgaan op -e, wat in hierdie geval 'n kategoriaalonderskeidende kenmerk is. Vgl. voorbeeld (c) waar die onderwerpskakel -shi- voorafgegaan word deur die vormelemente /i-/ en /-ha-/.

0.9 Nadat dan 'n inventaris van die verskillende werkwoordvorme in Ndonga opgestel is, word op grond van semantiese en vormlike onderskeidings addisionele vormelemente bepaal om sodoende betekenisonderskeidende werkwoorde vas te stel. Die volgende Kategorieë word onderskei:

KATEGORIE A

0.10 Morfologiese struktuur

- (i) stam (wortel + uitgang)
- (ii) refleksiese vormelement /-i-/
- (iii) voorwerpskakel
- (iv) vormelement /-ka-/, uitgang /-a/
- (v) negatiewe vormelement /-ha-/
- (vi) prefiks /oku-/

KATEGORIE B

0.11 Morfologiese struktuur

- (i) stam (wortel + uitgang)
- (ii) refleksiewe vormelement /-i-/
- (iii) voorwerpskakeel
- (iv) vormelement /ka-/, uitgang /-e/
- (v) negatiewe vormelement /ina-/
- (vi) meervoudsagtervoegsel /-eni/~/-/ii/

KATEGORIE C

0.12 Morfologiese struktuur

- (i) stam (wortel + uitgang)
- (ii) refleksiewe vormelement /-i-/
- (iii) voorwerpskakeel
- (iv) vormelement /-ka-/, uitgang /-a/
- (v) onderwerpskakeel
- (vi) elemente /-ta-/, /-ha-/, /-na-/, uitgange /-a/, /-o/, /-u/, /-e/ en /-i/
- (vii) aanvangselement /o-/
- (viii) negatiewe elemente /i-/, /ina-/, /ka-/
- (ix) element /-ha-/
- (x) meervoudsagtervoegsel /-eni/
- (xi) vormelement /-il-/~/-/el-/~/-/in-/~/-/en-/

KATEGORIE D

0.13 Morfologiese struktuur

- (i) stam (wortel + uitgang)
- (ii) refleksiewe vormelement /-i-/
- (iii) voorwerpskakeel
- (iv) vormelement /-ka-/, uitgang /-a/
- (v) onderwerpskakeel
- (vi) vormelemente /(-)ta-/, /(-)ha-/ uitgange /-a/, /-o/, /-u/, /-e/ en /-i/
- (vii) negatiewe vormelemente /i-/ ... /-ha/,

(xvi)

- /ina-/ /ha-/ /ka-.../-ha-/
(viii) meervoudsagtervoegsel /-eni/
(ix) vormelement /ha-/
(x) uitgang /-il-/-el-/-in-/-en-/

KATEGORIE E

0.14 Morfologiese struktuur

- (i) stam (wortel + uitgang)
(ii) refleksiwe vormelement /-i-/
(iii) voorwerpskakel
(iv) onderwerpskakel
(v) vormelemente /ka-/-ka-/, /na-/,
uitgang /-e/
(vi) meervoudsagtervoegsel /-eni/
(vii) negatiewe vormelemente /-ha-/, /-haha-/,
/-kaha-/ en /ina-/
(viii) vormelement /ha-/

SAAMGESTELDE KATEGORIE F

0.15 Saamgestelde kategorie F1(a), F1(b), F1(c)

0.16 Saamgestelde kategorie F2

0.17 Saamgestelde kategorie F3

Afkortings en simbole

0.18	B.	Oer-Bantoe
	Kw.	Kwanyama
	Nd.	Ndonga
	R.S.A.	Republiek van Suid-Afrika
	1ste p.e.	eerste persoon enkelvoud
	m.	meervoud
	2de p.e.	tweede persoon enkelvoud
	<	kom uit
	>	verander na
	Lett.	letterlik
	o/s	onderwerpskakel

pos.	positief
neg.	negatief

0.19 Die skuinsstreep (/) word o.a. gebruik om vormelementskeidings aan te dui. Die asterisk (*) vooraan woorde dui op hipotetiese vorme. Waar moontlik word die amptelike ortografie gevolg. In hierdie studie word die onderwerpskakel deurgaans vas aan die werkwoordstam geskryf, in teenstelling met die amptelike prto-grafie waar dit los geskryf word.

Toon

0.20 Toon word slegs betrek waar dit nodig is vir betekenisonderskeiding van kategorieë - dus relevante toon. Twee toontekens word gebruik, nl. die akoutaksent (´) vir hoogtoon, en die gravisaksent (`) vir laagtoon.

Bylaes en 'n bronnelys

0.21 Vir die gerief van die leser word agter in die studie 'n tabel van die onderwerpskakels van Ndonga en 'n bronnelys ingesluit.

HOOFSTUK IKATEGORIE A1.0 Morfologiese struktuur

- (i) stem (wortel + uitgang)
- (ii) refleksiewe vormelement /-i-/
- (iii) voorwerpskakel
- (iv) vormelement /-ka-/, uitgang /-a/
- (v) negatiewe vormelement /-ha-/
- (vi) prefiks /oku-/

Inleiding

1.1 Kenmerkend van hierdie werkwoordkategorie is die nie-kombinering van die onderwerpskakel met die werkwoord. Die prefiks /oku-/ kom alleenlik by Kategorie A voor. Woorde in hierdie kategorie bevat sowel naamwoordelike as werkwoordelike kenmerke, omdat hulle ook soos ander werkwoordvorme vervoeg en ontken kan word. Die voorvoegsel /oku-/ dui naamwoorde in klas 15 aan.

Kategorie A as naamwoord

1.2 As naamwoord onderskei woorde in hierdie groep hulle sintakties van die werkwoord deur ook as onderwerp in die sin op te tree, bv.

okulonga otakukwatha aantu
'die gewerk help die mense'

1.3 Met die prefigering van die prefiks /oku-/ aan vokaalstamme behalwe die wat met -u- begin, vind konsonantialisasie van die uitgangsvokaal van die prefiks plaas, met gevolglike verlenging van die aanvangsvokaal van die stam, bv.

okwaadha < *oku/ADH/a

'om te vind, die gevind'

okweenda < *oku/END/a

'om te loop, geloop, loperij'

okwiiga < *oku/IG/a

'om te kraai, gekraai, kraaiery'

okwoopalaka < *oku/OPAL/ek/a

'om skoon te maak, skoonmakery'

1.4 Die prefigering van /oku-/ aan stamme wat op u- begin, het assimilasie van die uitgangsvokaal van /oku-/ met die aanvangs u- van stamme, tot 'n lang vokaal, tot gevolg, bv.

okuulika < *oku/ULIK/a

'om te wys, gewysery'

okuumba < *oku/UMB/a

'om te skiet, geskietery'

1.5 Geredupliseerde stamme word as volg verdubbel: By verdubbeling van die uitgangs -a van die stam, kry die woord 'n verdere betekenis van verkleining of ook versagting, bv.

okulongaalonga

'om nou en dan te werk'

By verdubbeling van die stam sonder die gevolglike verlenging van die uitgangsvokaal, word 'n sterkere betekenis aan die woord gegee, bv.

okulonga-longa

'om te werk'

1.6 As naamwoord word die intensiewe agtervoegsel -elela, in die plek van die uitgangs -a van die wortel gesuffigeer met 'n verdere betekenis van 'in-

tensiteit' aan die woord, bv.

okukalelelela < *oku/KAL/elele/a
'die lank geblyery'

okulyelelela < *oku/LI/elele/a
'die geëetery'

Kategorie A as werkwoord

(i) Stam (wortel + uitgang)

1.7 Die vormelement /oku-/ tree op voor enkel-, twee- en meerlettergrepige werkwoordstamme, bv.

okulya < *oku/LI/a
'die geëet'

okudhenga < *oku/DHENG/a
'om te slaan'

okunyanjudha < *oku/NYANYUDH/a
'om bly te maak'

Vir die prefigering van /oku-/ voor vokaalwerkwoordstamme vgl. par. 1.3.

(ii) Die refleksiëwe vormelement /-i-/

1.8 Die refleksiëwe vormelement /-i-/ tree onmiddellik voor alle werkwoordstamme op met 'n verdere betekenis van 'sig self' aan die werkwoord. Voor vokaalstamme word 'n oorgangs -y- na die vormelement /-i-/ geskryf, bv.

iyadha¹⁾ < *i/ADH/a
'self vind'

1) -y- as oorgangsklank

Met die prefigering van /oku-/ voor die refleksiewe vormelement /-i-/, vind konsonantalisasie van die uitgangs -u van /oku-/ plaas, met gevolglike verlenging van /-i-/, bv.

okwiidhenga < *oku/i/DHENG/a

'om jouself te slaan'

okwiikwatha < *oku/i/KWATH/a

'om jouself te help'

(iii) Voorwerpskakel

1.9 Die voorwerpskakel in Ndonga druk vormlik enkelvoud en meervoud uit. Dit tree onmiddellik voor die werkwoordstam op, met uitsondering van dié van die eerste persoon enkelvoud wat ná die werkwoordstam optree. Konsonantalisasie met gevolglike vokaalverlenging is kenmerkend van voorwerpskakels voor vokaalstamme. Vir die volledige tabel van voorwerpskakels vgl. Bylae C p. 147.

Die aard van assimilasie, konsonantalisasie en vokaalverlenging by die voorwerpskakel

1.10 /-mu-/

-mu- > -mwi- voor -i in die daaropvolgende lettergreep, bv.

okunwiimba < *oku/mu/IMB/a

'om hom te sing (prys)'

-mu- > -mwe- voor -e in die daaropvolgende lettergreep, bv.

okumweendela < *oku/mu/END/el/a

'om vir hom te reis'

-mu- > -mwa- voor -a in die daaropvolgende lettergreep, bv.

okumwaadha < *oku/mu/ADH/a

'om hom te vind'

-mu- > -mwo- voor -o in die daaropvolgende lettergreep, bv.

okumwoodha < *oku/mu/ODH/a
'om na hom te mik'

-mu- > -mu- voor -u in die daaropvolgende lettergreep, bv.

okumuuva < *oku/mu/UV/a
'om hom te hoor'

1.11 /-ya-/

-ya- > -vi- voor -i in die daaropvolgende lettergreep, bv.

okuyimba < *oku/ya/IME/a
'om hulle te sing (prys)'

-ya- > -ye- voor -e in die daaropvolgende lettergreep, bv.

okuyeendela < *oku/ya/END/el/a
'om vir hulle te loop'

-ya- > -ya- voor -a in die daaropvolgende lettergreep, bv.

okuyaadha < *oku/ya/ADH/a
'om hulle te vind'

-ya- > -yo- voor -o in die daaropvolgende lettergreep, bv.

okuyoodha < *oku/ya/ODH/a
'om na hulle te mik'

-ya- > -yu- voor -u in die daaropvolgende lettergreep, bv.

okuyuuva < *oku/ya/UV/a
'om hulle te hoor'

1.12 /-li-/

-li- > -lyi- voor -i in die daaropvolgende lettergreep, bv.

okulyimba < *oku/li/IMB/a

'om dit te sing'

-li- > -lye- voor -e in die daaropvolgende lettergreep, bv.

okulyeenda < *oku/li/END/a

'om dit te loop'

-li- > -lya- voor -a in die daaropvolgende lettergreep, bv.

okulyaadha < *oku/li/ADH/a

'om dit te vind'

-li- > -lyo- voor -o in die daaropvolgende lettergreep, bv.

okulyoodha < *oku/li/ODH/a

'om na dit te mik'

-li- > -lyu- voor -u in die daaropvolgende lettergreep, bv.

okulyuuva < *oku/li/UV/a

'om dit te hoor'

(iv) Die vormelement /-ka-/, uitgang /-a/

1.13 Met die infigering van die vormelement /-ka-/ voor die werkwoordstam, word 'n verdere betekenis van 'gaan/sal doen', aan die werkwoord gegee, bv.

okukakala < *oku/ka/KAL/a

'om te gaan bly'

okukapopya < *oku/ka/POPY/a

'om te sal praat'

1.14 Wanneer al die vormelemente gelyktydig in hierdie struktuur voorkom, is die volgende verteenwoordigende voorbeelde moontlik:

okukiiga < *oku/ka/IG/a

'om te gaan kraai'

okukuuva < *oku/ka/UV/a

'om te gaan hoor'

okukaadha < *oku/ka/ADH/a

'om te gaan vind'

okukeenda < *oku/ka/END/a

'om te gaan loop'

okukiidhenga < *oku/ka/i/DHENG/a

'om jouself te gaan slaan'

okukiiyuva¹⁾ < *oku/ka/i/UV/a

'om jouself te gaan hoor'

okukeshilanda²⁾ < *oku/ka/shi/LAND/a

'om dit te gaan koop'

okukeshiiga²⁾ < *oku/ka/shi/IG/a

'om dit te gaan kraai

okukeshiilandela²⁾ < *oku/ka/shi/i/LAND/el/a

'om dit self te gaan koop'

In die laaste voorbeeld verteenwoordig -i- die refleksiewe vormelement en is dit nie 'n tweede voorwerpskakel nie.

1.15 Die aard van die assimilasie soos dit in die voorbeelde hierbo voorkom, is die volgende:

ka- > ku- voor -u in die daaropvolgende lettergreep

ka- > ka- voor -a in die daaropvolgende lettergreep

ka- > ke- voor -e in die daaropvolgende lettergreep

ka- > ki- voor -i in die daaropvolgende lettergreep

ka- > ko- voor -o in die daaropvolgende lettergreep

1) -y- as oorgangsklank

2) Assimilasie van die uitgangs -a van /-ka-/ saam met voorwerpskakels.

(v) Negatiewe vormelement /-ha-/

1.16 Met die gebruik van die vormelement /-ha-/, word 'n verdere betekenis van 'ontkenning' aan die werkwoord gegee. Assimilasie vind in hierdie geval soos volg plaas:

1.17 voor vokaalstamme, bv.

okwaaiga < *oku/ha/IG/a

'om nie te kraai nie'

okwaaenda < *oku/ha/END/a

'om nie te loop nie'

okwaaodha < *oku/ha/ODH/a

'om nie te mik nie'

okwaayadha¹⁾ < *oku/ha/ADH/a

'om nie te vind nie'

1.18 met die vormelement /-ka-/, bv.

okwaakiiga < *oku/ha/ka/IG/a

'om nie te gaan kraai nie'

okwaakuuva < *oku/ha/ka/UV/a

'om nie te gaan hoor nie'

okwaakaadha < *oku/ha/ka/ADH/a

'om nie te gaan vind nie'

okwaakeenda < *oku/ha/ka/END/a

'om nie te gaan loop nie'

okwaakoodha < *oku/ha/ka/ODH/a

'om nie te gaan mik nie'

1) -y- as oorgangsklank

1.19 met die vormelement /-i-/ , bv.

okwaakiiyiga¹⁾ < *oku/ha/ka/i/IG/a

'om nie self te gaan kraai nie'

okwaakiiyuva¹⁾ < *oku/ha/ka/i/UV/a

'om nie jouself te gaan hoor nie'

okwaakiiyadha¹⁾ < *oku/ha/ka/i/ADH/a

'om nie jouself te gaan vind nie'

okwaakiiyendela¹⁾ < *oku/ha/ka/i/END/el/a

'om nie vir jouself te gaan loop nie'

1.20 voor konsonantstamme

okwaalya < *oku/ha/LI/a

'om nie te eet nie'

okwaanyanyudha < *oku/ha/NYANYUDH/a

'om nie te verbly nie'

okwaadhenga < *oku/ha/DHENG/a

'om nie te slaan nie'

(vi) Prefiks /oku-/

Hierdie prefiks is reeds volledig behandel. Vgl. par. 1.1, 1.3, 1.4, 1.7.

Betekenis en gebruik

1.21 Kategorie A stel 'n handeling voor as onbeperk of onbepaald van aard. As werkwoord kan dit ontken word, maar is beperk tot die uitdrukking van handeling in die 'hede'.

1) -y- as oorgangsklank

Wat die gebruik van Kategorie A aanbetref is dit ook naamwoord, en wel van klas 15. Dit is egter nie beperk tot persoon of getal nie. In geen geval word 'n onderwerpskakel daarmee saam gebruik nie. Voorbeelde van die betekenis in gebruik van Kategorie A is die volgende:

As onderwerp

1.22 Kategorie A tree as onderwerp soos volg op:

okukala omunanyalo kakushi okuwanawa
'om lui te wees is nie lekker nie'

okwaalonga ihakundjanreke ombepo yomuntu
'die nie-gewerkery verdrink nie 'n mens se gees nie'

okulonga okuwanawa ihe okukala omunanyalo okuwinayi
'die gewerk is goed maar om lui te wees is sleg'

As voorwerp

1.23 omukulukadhi okuhole okunwa omeya mombago ndjoka hayi nayo komanya
'die vrou drink graag water uit die kalbas wat sy saam met haar na die lande dra'.
(Lett. Die vrou hou van die gewaterdrinkery..)'

ondshala okutala okulonga kwoye
'ek wil jou werkery sien'

Met intensiteit deur herhaling

1.24 Die naamwoord word herhaal met die verdubbelde (intensiewe) vorm van die applikatief /-elele-/. Die gebruik van die enklitiese vormelemente po, ko en mo volg hier opsioneel, bv.

otandikala nokukala nokukalelela po

'ek bly hier permanent.

(Lett. ek bly en ek bly en ek bly hier)'

Met die kwantitatief

1.25 Die kwantitatiewe voornaamwoorde akuhe 'alles',
akuke 'alleen' en kehe 'elke', tree as volg op:

okulya kwandje akuhe megumbo okwapumbiwa
unene

'al my geëet in die huis is baie nodig'

Met 'n demonstratief

1.26 okutya nkoka kwe kutya otayi

'dit is hierdie gepraat van hom om te gaan'

Na sekere hulpwerkwoorde in saamgestelde gesegdevorme

1.27 -vula(u) 'kan/in staat wees' 1)

ngele kehe gumwe itavulu okupopya elaka
iyomukwawo, itatuvulu we okukwathathana

'as ons mekaar se taal nie kan praat nie,
kan ons mekaar nie help nie'

-mana 'eindig/klaar wees'

manga iniithanandje, ondamana okulonga
iilonga vandje

iniithana < *ina/a/i/THAN/a 2)

'voordat hy my geroep het, het ek my werk
klaar gedoen gehad.

(Lett. Terwyl hy nie het geroep my ..)

-tameka(e) 'begin'

sho yakuutumba, okwatameke okupopitha
Hanna tati:

'toe hulle gesit het, het hy Hanna gegroet
en gesê:'

1) vgl. assimilasie p. 45, par. 3.9(c)

2) assimilasie van -a tot -i, p. 53, par. 3.22

okufewa < *oku/F /ew/a

'word vertoon (ooreenkoms)'

okupewa < *oku/P /ew/a

'word gegee'

Meerlettergreepige werkwoordstamme

1.30 In alle gevalle word die vormelement /-w-/ tussen die slotkonsonant en slotvokaal van 'n stam of wortel geïnfigeër, bv.

okwaandekwa < *oku/ANDEK/w/a

'word heelgemaak'

okudharwa < *oku/DHAN/w/a

'word gespeel'

okudhimbululwa < *oku/DHIMBULUL/w/a

'word herken'

Applikatief /-el-/-il-/-en-/-in-/

1.31 Hierdie vormelement gee aan die werkwoord 'n verdere betekenis van 'rigting na' of 'oorganklikheid'. Die gebruik van die variante word bepaal deur die stamvokaal gevolg deur die daaropvolgende stamkonsonant.

1.32 Wanneer -a-, -e- of -o- in die stam voorkom gevolg deur ander konsonante as -m- of -n-, word /-el-/ gesuffigeër, bv.

okuhwagela < *oku/HWAG/el/a

'loopstamp vir (karkoer)'

okukalela < *oku/KAL/el/a

'bly vir'

okupepela < *oku/PEP/el/a

'waai vir (wind)'

okupwedhela < *oku/PWEDH/el/a

'seil vir'

1.33 Werkwoordstamme met -u- of -i- as stamvokaal

suffigeer die variant /-il-/, bv.

okuhulila < *oku/HUL/el/a

'uittrek vir (kiere)'

okutungila < *oku/TUNG/el/a

'bou vir'

okudhindila < *oku/DHIND/el/a

'filtreer vir'

okunikila < *oku/NIK/el/a

'(kos) geur vir'

1.34 Werkwoordstamme met -u- of -i- as stamvokaal gevolg deur die nasale -m- of -n-, suffigeer die variant /-in-/, bv.

okukunina < *oku/KUN/el/a

'saai vir'

okukuminwa < *oku/KUM/el/w/a

'verbaas wees vir'

okuhumina < *oku/HUM/el/a

'opgang maak vir'

okulimina < *oku/LIM/el/a

'ploeg vir'

1.35 Werkwoordstamme met -a-, -e- of -o- as stamvokaal gevolg deur die nasale -m- of -n-, suffigeer die variant /-en-/, bv.

okukamena < *oku/KAM /el/a

'uitdruk vir'

okumonena < *oku/MON/el/a

'kry vir'

okumenena < *oku/MAN/el/a

'klaarmaak vir'

Kousatief /-ith-/

1.36 Hierdie vormelement word normaalweg tussen die

wortel en die uitgangsvokaal van die werkwoordstam gesuffigeer met 'n verdere betekenis van 'laat' of 'maak', en word as volg gesuffigeer: In die geval van -ka(kap), -fa(lyk soos), -pa(gee), -ma(vorm), -tha(grawe) word /-eth-/ gebruik. Enkellettergrepige werkwoordstamme

- 1.37 okupwitha < *oku/FU/ith/a
 'laat klaar wees'
- okuketha < *oku/K/eth/a
 'laat kap'
- okutsitha < *oku/TSU/ith/a
 'om te laat stamp; steek'
- okutitha < *oku/TI/ith/a
 'om te laat sê'
- okulitha < *oku/LI/ith/a
 'om te laat eet'
- okumitha < *oku/MI/ith/a (okumya)
 'laat stadig loop'
- okupitha < *oku/PI/ith/a (okupya)
 'laat brand'
- okusitha < *oku/SI/ith/a
 'laat sterf'
- okuyitha < *oku/I/ith/a
 'laat gaan'

Meerlettergrepige werkwoordstamme

- 1.38 okudhimitha < *oku/DHIM/ith/a
 'laat blus'
- okudhugitha < *oku/DHUG/ith/a
 'laat water optrek'
- okufulitha < *oku/FUL/ith/a
 'laat grawe'
- okufundjitha < *oku/FUNDJ/ith/a
 'laat lieg'

Neutro-aktief /-ik-/-ek-/

1.39 Wat die ooreenkoms van die neutro-aktief met die kousatief aanbetref sê Volschenk die volgende:

Notably both extensions constitute transitive verbals but unlike (iii) (d.i. kousatief), the following extension (d.i. neutro-aktief), is not invariably "causative". Rather does it suggest the involvement and/or assistance on the part of the subject in the action- by reason of which it has conventionally been referred to as "weak causative".

(Volschenk, 1968, p.108)

1.40 Werkwoordstamme met stamvokaal -a-, -e- en -o- suffigeer /-ek-/, teenoor werkwoordstamme met stamvokale -u- en -i- wat /-ik-/ suffigeer. Hierdie vormelement gee aan die werkwoord 'n verdere betekenis van 'laat' of 'maak', bv.

okuhipika < *oku/HIP/ik/a

'natmaak'

okutsimika < *oku/TSIM/ik/a

'laat warrel'

okuhwameka < *oku/HWAM/ek/a

'laat aansteek (vuur)'

okunyateka < *oku/NYAT/ek/a

'vuil maak'

okulondeka < *oku/LOND/ek/a

'ophelp'

Neutro-passief /-ik-/-ek-/

1.41 Alhoewel die wyse van suffigering dieselfde is as by die van die neutro-aktief, moet dit nie daarmee verwar word nie. Hierdie vormelement gee aan die werkwoord 'n intransitiewe betekenis teenoor die transitiewe betekenis van die neutro-aktief. Hierdie werkwoorde kan in Afrikaans vertaal word met '-lik' of '-baar'.

Die ekstensie -ik- of -ek-, is twee vorme wat nie bepaalbaar is deur die stamvokaal nie, bv.

okwaadhika < *oku/ADH/ik/a

'aangetref wees'

okumonika < *oku/MON/ik/a

'sigbaar wees'

okuhalika < *oku/HAL/ik/a

'nodig wees'

okutseyika < *oku/TSEY/ik/a

'bekend wees'

okukangeka < *oku/KANG/ek/a

'mooi gebraai wees'

okukombeka < *oku/KOMB/ek/a

'goed gegee wees'

Transitiewe vormelemente /-ul-/, /-ol-/ en /-on-/

1.42 Die vormelemente /-ul-/, /-ol-/ en /-on-/ is die transitiewe ekstensies wat in teenstelling staan tot die intransitiewe /-uk-/, /-ok-/ in par.

1.43. Werkwoordstamme met -u- en -i- as stamvokaal suffigeer /-ul-/ en /-uk-/ teenoor -a- en -e- as stamvokaal wat /-ol-/ en /-ok-/ suffigeer. Werkwoordstamme met stamvokaal -o- gevolg deur die nasale -m- of -n-, suffigeer /-on-/:

okweegulula < *oku/EGUL/ul/a

'opmaak' vgl. okweeguluka 'oopgaan'

okutokola < *oku/TOK/ol/a

'breek' vgl. okutokoka 'stukkend wees'

okuhomona < *oku/HOM/on/a

'uittrek' vgl. okuhomoka 'uitkom'

okuholola < *oku/HOL/ol/a

'openbaar' vgl. okuholoka 'duidelik wees'

Intransitiewe vormelement /-uk-/ en /-ok-/

1.43 Deur die suffigering van die vormelemente /-uk-/ en /-ok-/ word intransitiewe betekenis aan die werkwoord geheg, bv.

- okuholoka < *oku/HOL/ok/a
'duidelik wees' vgl. okuholola 'openbaar'
- okutuuka < *oku/TUUK/a
'stukkend wees' vgl. okutuula 'skeur'
- okuyapuka < *oku/YAP/uk/a
'geheilig wees' vgl. okuyapula 'heilig'

Denominatiewe vormelemente /-p-/, /-pal-/ en /-pek-/

1.44 Hierdie vormelemente is denominatief en word hoofsaaklik aan adjektiewe- en bywoordstamme gesuffigeer met gevolglike werkwoordelike funksie van die stam, bv.

- okukulupa < *oku/KULU/p/a
'oud word' vgl. -kulu 'oud'
- okushonopala < *oku/SHONO/pal/a
'verklein' vgl. -shona 'klein'
- okunenepala < *oku/NENE/pal/a
'groot word' vgl. -nene 'groot'
- okushonopeka < *oku/SHONO/pek/a
'verminder'
- okwiindjipaleka < *oku/INDJI/pal/ek/a
'vermeerder' vgl. -indji 'baie'
- okunenepeka < *oku/NENE/pek/a
'ver groot'
- okunayipala < *oku/NAYI/pal/a
'sleg word' vgl. -nayi 'sleg'

Duratiewe vormelemente /-agul-/ en /-agan-/

1.45 Die betekenis van beide hierdie vormelemente

is moeilik definieerbaar. Geen vaste reël vir die suffigering daarvan kan gegee word nie. Dit wil voorkom of beide vormelemente na willekeur gesuffigeer kan word afhange van die spreker. Beide hierdie vormelemente gee aan die werkwoord 'n verdere betekenis van 'duurte', 'intensiteit' en soms ook 'n aspek van 'verveeldheid', bv.

okutudhagula < *oku/TUDH/agul/a
'aanhou pluk'

okudhitikagula < *oku/DHITIK/agul/a
'om aan te hou knoop'

okukemagula < *oku/KEM/agul/a
'aanhou kreun'

okulilagana < *oku/LIL/agan/a
'aanhou huil'

okupopvagana < *oku/POPY/agan/a
'aanhou praat'

Reversiewe vormelemente /-ulul-/ (transitief) en /-uluk-/ (intransitief)

1.46 Reversief transitief /-ulul-/

Hierdie vormelement gee aan die werkwoord 'n reversiewe transitiewe betekenis, bv.

okukutulula < *oku/KUT/ulul/a
'uitspan' vgl. -kutila 'inspan'

okudhikulula < *oku/DHIK/ulul/a
'uittrek' vgl. -dhika 'inplant'

okudhitikulula < *oku/DHITIK/ulul/a
'losknoop' vgl. -dhitika 'vasknoop'

okitungulula < *oku/TUNG/ulul/a
'afbreek' vgl. -tunga 'bou'

okupukulula < *oku/PUK/ulul/a
'op die regte pad bring' vgl. -puka
'dwaal'

1.47 Reversief intransitief /-uluk-/

Hierdie vormelement gee aan die werkwoord 'n reversief intransitiewe betekenis, bv.

okumanguluka < *oku/MANG/uluk/a

'loskom'

okukutuluka < *oku/KUT/uluk/a

'losraak'

okudhikuluka < *oku/DHIK/uluk/a

'uit wees'

Resiprokalis /-athan-/

1.48 Die resiprokale vormelement gee aan die werkwoord 'n wederkerende of resiprokale betekenis wat in Afrikaans vertaalbaar is met 'mekaar', bv.

okukwathathana < *oku/KWATH/athan/a

'om mekaar te help'

okudhengathana < *oku/DHENG/athan/a

'om mekaar te slaan'

okumonathana < *oku/MON/athan/a

'om mekaar te kry'

Intensiewe vormelemente

1.49 Alle suffigale werkwoordvormelemente uitgesonderd die passief, resiprokalis en die kousatief, kan verdubbel word. Hierdie verdubbelde vormelemente gee aan die werkwoord 'n verdere betekenis van 'intensiteit' of 'frekwentitatiewe' handeling. Die verdubbelde vormelemente is ook onderhewig aan die reëls van assimilasië soos van toepassing op die eenvoudige vorme.

1.50 verdubbelde element /-elel-/ (vgl. /-el-/ par. 1, 32), bv.

okuyogelela < *oku/YOG/elel/a

'vinnig was' vgl. -yoga 'was'

okunvolelela < *oku/NYOL/elel/a

'vinnig skryf' vgl. -nyola 'skryf'

1.51 verdubbelde element /-ilil-/ (vgl. /-il-/ par. 1.33), bv.

okudhugilila < *oku/DHUG/ilil/a
'vinnig water optrek' vgl. -dhuga 'optrek'

okupopilila < *oku/POP/ilil/a
'vinnig praat' vgl. -popya 'praat'

1.52 verdubbelde element /-enen-/ (vgl. /-en-/ par. 1.35), bv.

okugonyenena < *oku/GONY/enen/a
'vinnig vou' vgl. -gonya 'vou'

okumonenenena < *oku/MON/enen/a
'vinnig kyk' vgl. -mona 'kyk'

1.53 verdubbelde element /-inin-/ (vgl. /-in-/ par. 1.34), bv.

okuguminina < *oku/GUM/inin/a
'vinnig aanraak' vgl. -guma 'aanraak'

okushuminina < *oku/SHUN/inin/a
'vinnig terugkeer' vgl. -shuna 'terugkeer'

1.54 verdubbelde element /olol-/ (vgl. /-ol-/ par. 1.42), bv.

okuyogolola < *oku/YOG/olol/a
'opnuut was' vgl. -yoga 'was'

1.55 verdubbelde element /-ulul-/ (vgl. /-ul-/ par. 1.42), bv.

okudhugulula < *oku/DHUG/ulul/a
'weer water optrek' vgl. -dhuga 'optrek'

okupululula < *oku/PUL/ulul/a
'weer vra' vgl. -pula 'vra'

1.56 verdubbelde element /-onon-/ (vgl. /-on-/ par. 1.42), bv.

okugonyonona < *oku/GONY/onon/a
'weer vou' vgl. -gonya 'vou'

1.57 verdubbelde element /-unun-/, bv.

okugunununa < *oku/GUM/unun/a
'weer aanraak' vgl. -guma 'aanraak'

1.58 verdubbelde element /-ikik-/ (vgl. /-ik-/ par. 1.41), b'

okudhikikika < *oku/DHIK/ikik/a
'goed ingeplant wees' vgl. 'dhika' inplant'

1.59 verdubbelde element /-ekek-/ (vgl. /-ek-/ par. 1.41), bv

okukangekeka < *oku/KANG/ekek/a
'goed gebraai wees' vgl. -kanga 'braai'

Verdubbelde werkwoordstamme

1.60 Verdubbelde werkwoordstamme dui in sommige gevalle aan dat die handeling deur die werkwoord uitgedruk met 'intensiteit', 'herhaling', 'tussenposes' of 'af en toe geskied'. Die verdubbeling van werkwoordstamme geskied as volg:

(a) Enkellettergrepige werkwoordstamme

By verdubbeling van enkellettergrepige werkwoordstamme vind verlenging van die uitgangsvokaal plaas, en word hierdie vokaal gevolglik dubbel geskryf, bv.

okusasasa 'sterf' vgl. -sa
okukaakaa 'kap' vgl. -ka
okuyaayaa 'kom' vgl. -ya

(b) Meerlettergrepige werkwoordstamme

Verdubbeling van hierdie stamme geskied met of sonder die verlenging van die uitgangsvokaal van die werkwoordstam. In elke geval word die werkwoord verdubbel, bv.

okulilalila/okulilaalila
'nou en dan huil' vgl. -lila
okuyolayola/okuyolaayola
'lag-lag' vgl. -yola

okulengalenga/okulengaalenga

'rondkyk'

Kombinasies van die suffigale vormelemente

1.61 Kombinasies van die suffigale vormelemente word beperk in die algemene spreektaal tot uiters drie vormelemente wat gelyktydig aan die werkwoordstam gesuffigeer word. Die vrye kombinasieoontlikhede van die suffigale vormelemente is beperk tot die volgende elemente: applikatief, kousatief, resiprokalis, en die passief. Daar is geen reëls vir die hiërargie van die applikatief en die resiprokalis nie, bv.

okulumatathanena < *oku/LUMAT/athan/el/a
'om vir mekaar te byt'

teenoor

okulumatelathana < *oku/LUMAT/el/athan/a
'om vir mekaar te byt'

vgl. ook:

okukolongathanena 'om vir mekaar te pleister'

okukolongelathana 'om vir mekaar te pleister'

Uit die volgende voorbeeld wil dit ook lyk asof die passief nie noodwendig laaste volg nie, bv.

shitilwathana 'word vir mekaar geskape'

teenoor shitilathanwa 'word vir mekaar geskape'

Vgl. ook die volgende:

1(a) kousatief + resiprokalis

shitithathana
'laat mekaar skape'

(b) resiprokalis + kousatief

shitathanitha
'laat mekaar skape'

2(a) applikatief + kousatief

longelitha

'laat werk vir'

(b) kousatief + applikatief

longithila

'laat werk vir'

3(a) resiprokalis + applikatief

longathanena

'vir mekaar werk'

(b) applikatief + resiprokalis

longelathana

'vir mekaar werk'

4(a) applikatief + kousatief + resiprokalis

longithathanena

'laat vir mekaar werk'

(b) kousatief + resiprokalis + applikatief

longelathanitha

'laat vir mekaar werk'

Voorbeelde

1.62

okwaangala 'oplet'

okwaangalwa 'om op gelet te word'

okwaangalitha 'om te laat oplet'

okwaangalithwa 'om op gelet te laat word'

okuholama 'om weg te kruip'

okuholamitha 'om te laat wegkruip'

okuholamenena 'om weg te kruip vir'

okuholamenenwa 'om weggekruip te word vir'

okuholamathanwa 'om vir mekaar weggekruip te word'

okulumata 'om te byt'
okulumatwa 'om gebyt te word'
okulumatagula 'om aan te hou byt'
okulumatulula 'om weer te byt'
okulumatela 'om te byt vir'
okulumatitha 'om te laat byt'
okulumatathana 'om mekaar te byt'
okulumatelwa 'om gebyt te word vir'
okulumatathanena 'om vir mekaar te laat byt'
okulumatelathana 'om vir mekaar te laat byt'

Gevolgtrekking

- 1.63 Woorde in Kategorie A word vormlik gekenmerk deur die prefiks /oku-/. In die negatiewe konjugasie tree die vormelement /-ha-/ na die prefiks /oku-/ op, onderhewig aan assimilasie. (Vgl. bv. par. 1.16)
- 1.64 Die werkwoordstam word gekenmerk deur die uitgang /-a/. (Vgl. par. 1.7)
- 1.65 Woorde in hierdie kategorie het sowel naamwoordelike as werkwoordelike kenmerke. (Vgl. par. 1.2, 1.7)
- 1.66 Geen onderwerpskakel word in Kategorie A onderskei nie. (Vgl. par. 1.21)
- 1.67 'n Reeks agtervoegsels kan tussen die wortel en die slotvokaal ingevoeg word om ander betekenisskakelings aan die werkwoord te gee. (Vgl. par. 1.61)
- 1.68 Tot drie suffigale vormelemente kan gelyktydig aan die werkwoorde gesuffigeer word. (Vgl. par. 1.62).

HOOFSTUK IIKATEGORIE B2.0 Morfologiese struktuur

- (i) stam (wortel + uitgang)
- (ii) refleksiwe vormelement /-i-/
- (iii) voorwerpskakel
- (iv) vormelement /ka-/, uitgang /-e/
- (v) meervoudsagtervoegsel, /-eni/~/-ii/
- (vi) negatiewe vormelement /ina-/

Inleiding

2.1 Vormlike ooreenkoms met werkwoorde in Kategorie A, is die afwesigheid van 'n onderwerpskakel. Hierdie ooreenkoms is net beperk tot die positiewe konjugasie, aangesien 'n onderwerpskakel in Kategorie B by die negatiewe konjugasie wel aangetref word, bv.

londa! 'klim op!'
dhenga! 'slaan'
inodhenga! 'moenie (jy) slaan nie!'

In die negatief tree die negatiewe vormelement /ina-/ saam met die onderwerpskakels van die tweede persoon enkelvoud en meervoud voor die werkwoordstam op met 'n verdere betekenis van 'moenie' aan die werkwoord, bv.

inolonda < *ina/u/LOND/a
 'moenie (jy) opklim nie'
inamudhenga < *ina/mu/DHENG/a
 'moenie (julle) slaan nie'

2.2. Die afwesigheid van alle prefigale elemente in die positief is 'n onderskeidende kenmerk van Kategorie B.

In die negatiewe konjugasie kom die prefigale vorm-

elemente /ina-/ en /inamu-/ wel voor.

2.3 Die enkelvoudsuitgang /-a/, asook die meervouds-agtervoegsel /-eni~/ /-ii/, is kenmerkende agtervoegsels van Kategorie B, bv.

londa! < *LOND/a

'klim op!'

londeni! < *LOND/eni

'klim julle op!'

dhenga! < *DHENG/a

'slaan (jy)!'

dhengeni! < *DHENG/eni

'slaan julle!'

longii po! < *LONG/ii

'werk julle hier!'

2.4 Saam met die enklitiese vormelemente po (hier), ko (by) en mo (in), word die geassimileerde vorm van /-eni/, nl. /-ii/, in die plek van die uitgangsvokaal van die werkwoordstam as alternatief gesuffigeer.

2.5 Kategorie B druk volgens betekenis 'n 'bevel' uit. Saam met die vormelement /ka-/ kry die werkwoord 'n verdere betekenis van 'gaan'. (Vgl. par. 2.25)

(i) Stam (wortel + uitgang)

2.6 Enkel-, twee- en meerlettergrepige wortels kombineer met die uitgang /-a/ in die positief sowel as in die negatiewe konjugasie in die enkelvoud, bv.

lya! < *LI/a

'eet!'

sa! < *SI/a

'sterf!'

pa! < *P/a

'gee!'

ya! < *I/a
'gaan!'

2.7 Negatief

inlva! < *ina/u/LI/a
'moenie eet nie!'

inosa! < *ina/u/SI/a
'moenie sterf nie!'

inopa! < *ina/u/P/a
'moenie gee nie'

inoya! < *ina/u/I/a
'moenie gaan nie!'

2.8 Vokaalwerkwoordstamme word gebruik sonder enige prefigale element, bv.

aludha! < *ALUDH/a
'maak gesond!'

aneka! < *ANEK/a
'sprei oop'

iga! < *IG/a
'kraai !'

edhila! < *EDHIL/a
'maak toe!'

2.9 Konsonantalisasie van -u- in die onderwerp-skakels vind plaas met gevolglike vokaalverlenging van die aanvangsvokaal van vokaalwerkwoordstamme. Die uitgang -a van /-na-/ word in die enkelvoud en die meervoud weggelaat, bv.

inwaaludha < *ina/u/ALUDH/a
'moenie gesond maak nie'

inwaaneka < *ina/u/ANEK/a
'moenie oopsprei nie'

inwiiga < *ina/u/IG/a

'moenie kraai nie'

inweedhila < *ina/EDHIL/a

'moenie toemaak nie'

2.10 Meervoud

inamwaaludha < *ina/mu/ALUDH/a

'moenie julle gesond maak nie'

inamwaaneka < *ina/mu/ANEK/a

'moenie julle oopsprei nie'

inamwiiga < *ina/mu/IG/a

'moenie julle kraai nie'

inamweedhila < *ina/mu/EDHIL/a

'moenie julle toemaak nie'

(ii) Refleksiewe vormelement /-i-/

2.11 Die refleksiewe vormelement /-i-/ tree op in Kategorie B met 'n verdere betekenis van 'sigself' aan die werkwoord, bv.

2.12 Enkellettergrepige werkwoordstamme :

ifa < *i/F/a

'jouself in ooreenstemming bring'

ipa < *i/P/a

'jouself gee'

ika < *i/K/a

'jouself kap'

2.13 In die negatiewe konjugasie is die refleksiewe vormelement aan dieselfde veranderinge onderworpe as by vokaalstamme, bv.

inwiifa < *ina/u/i/F/a

'jouself nie in ooreenstemming bring nie'

inamwiipa < *ina/mu/i/P/a

'moenie julle julleself gee nie'

inwiika < *ina/u/i/K/a

'moenie jouself kap nie'

2.14 Alhoewel konsonantalisasie en gevolglike vokaalverlenging in die uitspraak voorkom, word dit volgens die amptelike ortografie nie op skrif weer-gegee nie. Vergelyk die volgende voorbeelde:

ino enda! (inweenda!)

'moenie loop nie!'

inamu adha! (inamwaadha!)

'moenie vind nie (julle)!'

ino odha! (inoodha!)

'moenie mik nie!'

inamu odha! (inamwoodha!)

'moenie julle mik nie'

ino ilonga! (iniilonga!)

'moenie jouself leer nie!'

inamu ilonga! (inamwiilonga!)

'moenie julle julleself leer nie!'

2.15 Meerlettergrepige werkwoordstamme:

ilonga < *i/LONG/a

'jouself leer'

idhiladhila < *i/DHILADHIL/a¹⁾

'vir jouself dink'

inwiilonga < *ina/u/i/LONG/a

'moenie jouself leer nie'

inwiidhiladhila < *ina/u/i/DHILADHIL/a¹⁾

'moenie vir jouself dink nie'

1) 'n Geredupliseerde vorm van DHILA, wat alleenlik in hierdie vorm betekenis dra.

inamwiilonga < *ina/mu/i/LONG/a

'moenie julle julleself leer nie'

inamwiidhiladhila < *ina/mu/i/DHILADHIL/a

'moenie julle vir julleself dink nie'

2.16 In die geval van vokaalwerkwoordstamme word -y- < *i, as oorgangsklank na die refleksiewe vormelement /-i-/ geïnfigeer, bv.

iyaludha < *i/i/ALUDH/a

'jouself genees'

iyodha < *i/i/ODH/a

'mik na jouself'

iyedhila < *i/i/EDHIL/a

'jouself toemaak'

inwiiyaludha ¹⁾ < *ina/u/i/ALUDH/a

'jouself nie genees nie'

inwiiyodha ¹⁾ < *ina/u/i/ODH/a

'nie na jouself mik nie'

inwiiyedhila ¹⁾ < *ina/u/i/EDHIL/a

'moenie jouself toemaak nie'

inamwiiyaludha ¹⁾ < *ina/mu/i/ALUDH/a

'moenie julleself genees nie'

inamwiiyodha ¹⁾ < *ina/mu/i/ODH/a

'moenie na julleself mik nie'

inamwiiyedhila ¹⁾ < *ina/mu/i/EDHIL/a

'moenie julle julleself toemaak nie'

(iii) Voorwerpskakel

2.17 Vir die volledige reeks voorwerpskakels vgl. Bylae C, p. 147. Voorwerpskakels tree in Kategorie B onmiddellik voor die werkwoordstam op, bv.

¹⁾ -y- as oorgangsklank

shidhenga! < *shi/DHENG/a (oshikombo)
'slaan dit! (bok)'

viyuya! < *yi/YUY/a (ongombe)
'slag dit! (bees)'

yakwata! < *ya/KWAT/a (aamati)
'vang hulle! (seuns)'

shidhengeni! < *shi/DHENG/eni (oshikombo)
'slaan julle dit! (bok)'

viyuyeni! < *yi/YUY/eni (ongombe)
'slag julle dit! (bees)'

yakwateni! < *ya/KWAT/eni (aamati)
'vang julle hulle! (seuns)'

Geen verandering van die uitgangs -a van die werkwoordstam in die enkelvoud saam met voorwerpskakels vind plaas nie.

2.18 Die voorwerpskakel kombineer met die volgende refleksiewe werkwoord :

yiilonga < *yi/i/LONG/a (iilonga)
'leer dit self (werke)'

2.19 Konsonantalisasie met gevolglike vokaalverlenging vind as volg plaas wanneer voorwerpskakels voor vokaalstamme optree:

2.20 Voorwerpskakels op -u-, bv.

/gu-/ (omuti 'boom')

/lu-/ (olutu 'liggaam')

/ku-/ (okutsi 'oor')

/u-/ (uukambe 'perdjies'), verbind soos volg:

(a) aludha 'genees'

gwaaludha < *gu/ALUDH/a
'hom genees' (boom)

lwaaludha < *lu/ALUDH/a
'dit genees' (liggaam)

kwaaludha < *ku/ALUDH/a
'genees dit' (oor)

waaludha < *u/ALUDH/a
'genees hulle' (perdjies)

(b) odha 'mik'

gwoodha < *gu/ODH/a
'mik na dit' (boom)

lwoodha < *lu/ODH/a
'mik na dit' (liggaam)

kwoodha < *ku/ODH/a
'mik na dit' (oor)

woodha < *u/ODH/a
'mik na hulle' (perdjies)

(c) uva 'hoor'

guuva < *gu/UV/a
'hoor hom' (boom)

luuva < *lu/UV/a
'hoor dit' (liggaam)

kuuva < *ku/UV/a
'hoor dit' (oor)

wuuva < *u/UV/a
'hoor hulle' (perdjies)

(d) igidha 'hard roep'

gwiigidha < *gu/IGIDH/a
'roep hom hard' (boom) (Idiomaties)

lwiigidha < *lu/IGIDH/a
'roep dit hard' (liggaam)

kwiigidha < *ku/IGIDH/a

'roep dit hard' (oor)

wiigidha < *u/IGIDH/a

'roep hulle hard' (perdjies)

2.21 Voorwerpskakel op -i: Die volgende vorme is nie onderhewig aan assimilasië nie:

/li-/ (ekola 'kraai')

lyaaludha < *li/ALUDH/a

'dit genees (kraai)'

lyoodha < *li/ODH/a

'mik na dit (kraai)'

lyuuva < *li/UV/a

'hoor dit (kraai)'

liigidha < *li/IGIDH/a

'skreeu dit hard (kraai)'

2.22 Voorwerpskakels op -i-: Die volgende vorme is onderhewig aan assimilasië:

/shi-/ (oshikombo 'bok)'

/yi-/ (ongombe 'bees'), (iikombo 'bokke')

shaaludha < *shi/ALUDH/a

'genees dit (bok)'

yaaludha < *yi/ALUDH/a

'genees dit (bees)'

shoodha < *shi/ODH/a

'mik na dit (bok)'

yoodha < *yi/ODH/a

'mik na hom (bees)'

shuuva < *shi/UV/a

'hoor dit (bok)'

yuuva < *yi/UV/a

'hoor dit (bees)'

shiigidha < *shi/IGIDH/a

'roep dit (bok)'

yiigidha < *yi/IGIDH/a

'roep dit (bees)'

2.23 Voorwerpskakels op -a- :

/ya-/ (aamati 'seuns')

/ka-/ (okakambe 'perd')

/ga-/ (omakola 'kraaie'), verbind soos volg:

(a) -aludha 'genees'

yaaludha < *ya/ALUDH/a

'genees hulle (seuns)'

kaaludha < *ka/ALUDH/a

'genees dit (perd)'

gaaludha < *ga/ALUDH/a

'genees hulle (kraaie)'

(b) -edhila 'toemaak'

yedhilila < *ya/EDHIL/el/a

'maak hulle toe vir (seuns)'

keedhilila < *ka/EDHIL/el/a

'maak hom (perd) toe vir'

geedhilila < *ga/EDHIL/el/a

'maak hulle (kraaie) toe vir'

(c) -odha 'mik'

yoodha < *ya/ODH/a

'mik na hulle (seuns)'

koodha < *ka/ODH/a

'mik na dit (perd)'

goodha < *ga/ODH/a

'mik na hulle (kraaie)'

(d) -igidha 'roep'

yiigidha < *ya/IGIDH/a
'roep hulle (seuns)'

kiigidha < *ka/IGIDH/a
'roep dit (perd)'

giigidha < *ga/IGIDH/a
'roep hulle (kraaie)'

2.24 Kategorie B suffigeer werkwoordagtervoegsels onder dieselfde voorwaardes as by Kategorie A. Vir voorbeelde hiervan vgl. par. 1.28, p.12.

(iv) Vormelement /ka-/, uitgang /-e/

2.25 Morfologies behoort die vormelement /ka-/ met uitgang /-e/, tot Kategorie E wat deur die werkwoord-uitgang /-e/ gekenmerk word. Vgl. par. 5.10, p.95. Volgens betekenis egter, word hierdie kombinasie by Kategorie B ingesluit.

/ka-/ word aan die werkwoordstam geprefigeer met 'n verdere betekenis van 'gaan'. In elke geval eindig die werkwoordstam op /-e/. 'n Hortatiewe betekenis word hierin opgesluit, bv.

kalonge! 'gaan werk! Lett., ... dat jy werk'.
kakande oongombe! 'gaan melk die beeste!'

Vir 'n volledige beskrywing van die vormelement /ka-/ vergelyk par. 5.10, p. 95.

(v) Negatiewe vormelement /ina-/

2.26 Die gebruik van die negatiewe vormelement /ina-/, is nie net beperk tot Kategorie B nie, maar is kenmerkend van Kategorieë C, D en E. Vergelyk die volgende voorbeelde:

inandilonga < *ina/ndi/LONG/a
'ek het nie gewerk nie'
(vgl. p.55 (e))

inolonga < *ina/u/LONG/a

'jy het nie gewerk nie'
(Vgl. p. 138)

inaandilonga < *ina/ha/ndi/LONG/a

'terwyl ek nie gewerk het nie'
(Vgl. D.4 , p. 83)

inaalonga < *ina/ha/LONG/a

'terwyl hy nie gewerk het nie'
(Vgl. par. 4.17, p.83)

inandilonga < *ina/ndi/LONG/a

'laat ek tog nie werk nie'

inatweetheni < *ina/tu/ETH/eni

'laat ons tog nie nou ophou nie'
(Vgl. par. 5.12, p. 96)

2.27 Ten spyte van die ooreenkoms van die negatiewe vormelement /ina-/ in Kategorie B met die van Kategorie C, D en E, word by Kategorie B slegs die onderwerpskakels van die tweede persoon enkelvoud en meervoud daarmee saam gebruik, bv.

inolonga < *ina/u/LONG/a

'moenie werk nie'

Kamati, inokanda oongombe < *ina/u/KAND/a

'Seuntjie, moenie die beste melk nie'

inamudhana < *ina/mu/DHAN/a

'moenie (julle) speel nie'

(vi) Die meervoudsagtervoegsel /-eni/~/-ii/

2.28 Deur die vervanging van die uitgang /-a/ van die werkwoordstam met die meervoudsagtervoegsel /-eni/~/-ii/, word bevele aan meer as een persoon gegee, bv.

ileni! < *IL/eni

'kom julle!'

yakwateni! < *ya/KWAT/eni
'vang julle hulle'

2.29 In die negatiewe konjugasie word die agtervoegsel /-eni/ deur die uitgang /-a/ vervang, met gevolglike konsonantalisasie en vokaalverlenging van die onderwerpskakel van die tweede persoon, meervoud voor vokaalwerkwoordstamme, bv.

inamwiila < *ina/mu/IL/a
'moenie julle kom nie'

inamwiimba < *ina/mu/IMB/a
'moenie julle sing nie'

inamukwata < *ina/mu/KWAT/a
'moenie julle vang nie'

2.30 'n Geassimileerde vorm van /-eni/, nl. /-ii/, word gebruik saam met die enklitiese elemente po 'daar', ko 'by' en mo 'in'. Die voorwerpskakel van die eerste persoon enkelvoud tree in alle gevalle op soos 'n enklitikum, bv.

piindje < *P/ii/ndje
'gee vir my'

taambiimo! < *TAAMB/ii/mo
'luister julle hier'

londiiko! < *LOND/ii/ko
'klim julle daar op'

2.31 Wanneer werkwoorde in Kategorie B saam met naamwoorde gebruik word in die aanspreekvorm, val die aanvangsvokaal van die naamwoord in die enkelvoud weg. In die meervoud word die volvorm van die prefiks behou. Die aanvangsvokaal kan ook deur die konsonant y-, vervang word, bv.

(o)kamati, voga oonguyo!
'seuntjie, was die klere!'

aamati, vogeni oonguyo!

'seuns, was julle die klere'
yamati, yogeni oonguyo!
 'seuns, was julle die klere!'

Gevolgtrekking

2.32 Met uitsondering van die vormelement /ka-/, wat morfologies nie tot Kategorie B behoort nie, is die afwesigheid van prefigale vormelemente hier kenmerkend. In die negatief word die negatiewe vormelement /ina-/ plus die onderwerpskakel van die tweede persoon enkelvoud gebruik. In die meervoud, /ina-/ plus die onderwerpskakel van die tweede persoon meervoud. (Vgl. par. 2.26).

2.33 Die uitgangs -a is kenmerkend van Kategorie B in die enkelvoud. In die meervoud word -a deur -eni of -ii vervang. (Vgl. par. 2.3)

2.34 Voorwerpskakels met refleksiewe werkwoordstamme kom in Kategorie B voor. (Vgl. par. 2.18)

2.35 Morfologies het hierdie kategorie geen tydsonderskeiding nie.

2.36 Die onderwerpskakel van Kategorie B is 'n toevallige vormlike kenmerk vir hierdie kategorie.

HOOFSTUK IIIKATEGORIE C

3.0 Morfologiese struktuur

- (i) stam (wortel + uitgang)
- (ii) refleksiwew vormelement /-i-/
- (iii) voorwerpskakel
- (iv) vormelement /-ka-/, uitgang /-a/
- (v) onderwerpskakel
- (vi) elemente /-ta-/, /-ha-/, /-na-/, uitgange /-a/, /-o/, /-u/, /-e/ en /-i/
- (vii) aanvangselement /o-/
- (viii) negatiewe elemente /i-/, /ina-/ en /ka-/
- (ix) element /ha-/
- (x) meervoudsagtervoegsel /-eni/
- (xi) vormelement /-il-/~/-el-/~/-in-/~/-en-/

Inleiding

3.1 Kategorieaal-onderskeidende kenmerke van Kategorie C is die gebruik van 'n onderwerpskakel in die positiewe en negatiewe konjugasies. Die aanvangselement /o-/ in die positiewe konjugasie word in die negatief vervang met /i-/, /ina-/ en /ka-/.

Op grond van vormelement-betekenis kombinasies word vier subkategorieë onderskei, nl. 1, 2, 3, 4(a), (b) en (c).

(a) Subkategorie C1 met in sy kombinasie die vormelement /-ta-/, is kenmerkend vir handeling in die hede. (Vgl. par. 3.24)

(b) Subkategorie C2 met in sy kombinasie die vormelement /-ka-/, is kenmerkend vir handeling in die toekoms. (Vgl. par. 3.50)

(c) Subkategorie C3 met in sy kombinasie die vormelement /-ha-/, is kenmerkend vir gewoontelike

handelinge. (Vgl. par. 3.51)

(d) Subkategorie C4(a), (b), (c) met in sy kombinasie die vormelement /-a/, is kenmerkend vir handelinge in die verlede. (Vgl. par. 3.52)

(i) Stam (wortel + uitgang)

3.2 Volgens vorm en kombineringsmet die onderwerpskakel word werkwoordstamme in Ndonga in twee groepe ingedeel, nl.

nie-normale werkwoordstamme en
normale werkwoordstamme

Nie-normale werkwoordstamme

3.3 Hierdie stamme is wat hulle gebruiksmoontlikhede betref beperk tot Kategorie C, en wel net tot Subkategorie C1. Vir elke nie-normale werkwoordstam bestaan 'n normale ekwivalent vir gebruik in die ander Kategorieë.

3.4 Vormlik verskil die nie-normale werkwoordstamme van die normale ekwivalente daarin dat hulle eerstens nie op -a uitgaan nie. Nie-normale werkwoordstamme kan nie in Kategorie A of B voorkom nie. Kenmerkend van nie-normale werkwoorde is die afwesigheid van die positiewe vormelement /-ta-/, en die gebruik van die negatiewe vormelement /ka-/, wat in die negatiewe konjugasie voor die onderwerpskakel optree.

Tabel I

<u>nie-normale werkwoordstamme</u>	<u>normale ekwivalente</u>
-shi 'ken/weet'	-tseya(e) 'ken/weet'
-(l)wete 'sien'	-mona(o) 'sien/kry'
-uvite 'hoor/voel'	-uva(u) 'hoor/voel'
-na 'het' 1)	-likola(e) 'besit'

1) dui die kopulatiewe werkwoordstam aan. Die gebruik daarvan is egter dieselfde as met die nie-normale werkwoordstamme.

- <u>hole</u> , 'liefhê'	- <u>hola</u> 'liefkry' (kan alleenlik in Kategorie B verskyn)
- <u>thike</u> 'bereik'	- <u>thika(e)</u> ¹⁾ 'aankom'
- <u>li</u> 'wees', 'is', 'synde'	- <u>kala</u> 'bly', 'woon'
- <u>vule</u> 'oortref'	- <u>vula(u)</u> 'kan', 'in' staat wees'

3.5 Voorbeelde van nie-normale stamme in Kategorie C is die volgende:

omuntu okuhole ²⁾ omumati
'die mens hou van die seun'

ongombe odhili moshigunda
'die beeste is in die kraal'

okakambe okewete omusita
'die perd sien die wagter'

Normale werkwoordstamme

3.6 Enkel-, twee- en meerlettergrepige werkwoordstamme realiseer in kombinasies van Kategorie C, bv.

(a) Enkellettergrepige werkwoordstamme

omuti otagugu < */-GU/
'die boom val'

omuntu otati < */-TI/
'die mens sê'

ongombe otayili < */-LI/
'die bees eet'

ongombe otadhisi < */-SI/
'die beeste vrek'

omuntu otazi < */-ZI/ vgl. B -//I/a
'die mens kom'

1) Vgl. vokaalassimilasie par. 3.14, (b)

2) Variante onderwerpskakel vir gebruik met nie-normale stamme.

ongombe otayinu < */-NU/ vgl. B -/NU/a
'die bees drink'

omumati otake < */-KE/
'die seun kap'

(b) Tweelettergrepige werkwoordstamme

omuntu otadhenge 1) < */-DHENG/a
'die mens slaan'

omuntu otafundju 1) */-FUNDJ/a
'die mens lieg'

omuntu otagogo 1) < */-GOG/a
'die mens vryf'

omuntu otadhana 1) < */-DHAN/a
'die mens speel'

omuntu otadhindi 1) < */-DHIND/a
'die mens filtreer'

(c) Meerlettergrepige werkwoordstamme

omuntu oteendelele 2) < */-END/elel/a
'die mens haas hom'

omuntu oteedhile 2) < */-EDHIL/a
'die mens maak toe (deur)'

etango otaliningine 2) < */-NINGIN/a
'die son gaan onder'

Vokaalassimilasie

Tweelettergrepige werkwoordstamme

3.7 Vokaalassimilasie van die uitgangsvokaal van die werkwoordstam vind plaas in kombinasies met /-ta-/, /-na-/, /-ha-/ en sekere kombinasies o/s

1) Vgl. vokaalassimilasie par. 3.7

2) Vgl. vokaalassimilasie par. 3.14 (c)

+ -a- (subkategorie C4) wanneer die stamvokale van werkwoorde gevolg word deur die volgende konsonante:

3.8 Stamvokaal -o- gevolg deur:

(a) Stamkonsonant -g-

omahoka otagadhogo < */-DHOG/a
'die sous geur'

otagogo < */-GOG/a
'hy vryf'

(b) Stamkonsonant -k-

otayiloko < */-LOK/a
'dit reën'

otakoko < */-KOK/a
'hy groei'

(c) Stamkonsonant -l-

otapolo < */-POL/a
'hy koel af'

(d) Stamkonsonant -n-

otamono < */-MON/a
'hy kry'

otatono (ongendjo) < */-TON/a
'hy lui (klok)'

(e) Stamkonsonant -t-

otaloto < */-LOT/a
'hy bedaar'

otatoto < */-TOT/a
'hy hardloop'

(f) Stamkonsonant -v-

otatoyo < */-TOY/a
'hy sout die kos'

(g) Konsonantverbinding -mb-

otakombo < */-KOMB/a
'hy vee'

(h) Konsonantverbinding -mp-

otatompo < */-TOMP/a
'hy correed'

(i) Konsonantverbinding -nd-

otalondo < */-LOND/a
'hy klim op'

(j) Konsonantverbinding -ndj-

otahondjo < */-HONDJ/a
'hy maak heel'

(k) Konsonantverbinding -ng-

otahongo < */-HONG/a
'hy sny (met 'n mes)'

(l) Konsonantverbinding -ny-

otatonyc < */-TONY/a
'hy vou'

3.9 Stamvokaal -u- gevolg deur die volgende:(a) Stamkonsonant -g-

otadhugu < */-DHUG/a
'hy put water'

(b) Stamkonsonant -k-

otaluku < */-LUK/a
'hy benoem'

(c) Stamkonsonant -l-

otafulu < */-FUL/a
'hy grawe uit'

(d) Stamkonsonant -n-

otakunu < */-KUN/a
'hy saai'

(e) Stamkonsonant -t-

otafutu < */-FUT/a
'hy betaal'

(f) Konsonantverbinding -mb-

otuumbu¹⁾ < */-UMB/a
'hy gooi/skiet'

(g) Konsonantverbinding -nd-

otakundu < */-KUND/a
'hy groet'

(h) Konsonantverbinding -ndj-

otafundju < */-FUNDJ/a
'hy lieg'

(i) Konsonantverbinding -ng-

otakungu < */-KUNG/a
'hy braak'

(j) Stamkonsonant -v-

otuuvu¹⁾ < */-UV/a
'hy hoor'

(k) Stamkonsonant -m-

otapumu < */-PUM/a
'hy stamp'

3.10 Stamvokaal -i- gevolg deur die volgende:

(a) Stamkonsonant -g-

otiigi¹⁾ < */-IG/a
'hy kraai'

¹⁾ Vgl. par. 3.22, (a)

(b) Stamkonsonant -k-

otathiki < */-THIK/a
'hy kom aan'

(c) Stamkonsonant -l-

otahili < */-HIL/a
'hy rook (tabak gebruik)'

(d) Stamkonsonant -t-

otapiti < */-PIT/a
'hy gaan verby'

(e) Konsonantverbinding -mb-

otiimbi¹⁾ < */-IMB/a
'hy sing'

(f) Konsonantverbinding -mp-

otayisimpi < */-SIMP/a
'dit word stomp'

(g) Konsonantverbinding -nd-

otadhindi < */-DHIND/a
'hy filtreer'

(h) Konsonantverbinding -ng-

otahingi < */-NING/a
'hy bestuur (motor)'

3.11 Stamvokaal -e- gevolg deur die volgende:(a) Konsonant -g-

otatege < */-TEG/a
'hy wag'

(b) Konsonant -k-

otasheke < */-SHEK/a
'hy bespot'

1) Vgl. par. 3.22, (a)

- (c) Konsonant -l-
otalele < */-LEL/a
 'hy regeer'
- (d) Konsonant -m-
otakeme < */-KEM/a
 'hy kreun'
- (e) Konsonant -n-
otayimene < */-MEN/a
 'dit groei'
- (f) Konsonant -t-
otatete < */-TET/a
 'hy sny'
- (g) Konsonant -p-
otayipepe < */-PEP/a
 'dit waai (wind)'
- (h) Konsonantverbinding -nd-
oteende¹⁾ < */-END/a
 'hy loop'
- (i) Konsonantverbinding -ng-
otadhenge < */-DHENG/a
 'hy slaan'

Tweelettergrepige werkwoordstamme op -ika

3.12 Tweelettergrepige werkwoordstamme op -ika, verander die uitgangs -a na -e. Hierdie reël geld egter net werkwoordstamme waarby normale vokaalassimilasie nie plaasgevind het nie, bv.

otadhike < */-DHIK/a
 'hy plant in'

¹⁾ Vgl. par. 3.22 (a)

3.13 Alhoewel slegs verteenwoordigende voorbeelde van assimilasie gegee is, kan dit as algemeen geldend aanvaar word. Uitsonderings kom egter wel voor en wel in die volgende gevalle: Stamvokale -o-, -u-, -i- en -e- gevolg deur die konsonante -l-, -n-, -p-, en -t- assimileer nie, bv.

otanuka < */-NUK/a

'hy spring'

otapuka < */-PUK/a

'hy dwaal'

otafola < */-FOL/a

'hy pluk'

otafona < */-FON/a

'hy stroop af'

otahula < */-HUL/a

'hy trek klere uit'

Assimilasie by meerlettergrepige werkwoordstamme

3.14 Meerlettergrepige werkwoordstamme waarvan die slotlettergreep met voorafgaande vokaal ooreenkoms vertoon met die werkwoordagtervoegsels, verander die uitgangs -a na -e. Die passiewe, kousatiewe, resiprokale en duratiewe werkwoordagtervoegsels, is nie onderhewig aan assimilasie nie, en behou die uitgangs -a, bv.

(a) slotlettergreep -eka

otaandeke ¹⁾ < */-ANDEK/a

'hy maak heel'

(b) slotlettergreep -ika

otadhitike < */-DHITIK/a

'hy knoop vas'

1) Vgl. par. 3.22,(a)

(c) slotlettergrepe -ila, -elaotaminikile < */-MINIKIL/a

'hy soek na iets met 'n lig'

otapandele < */-PANDEL/a

'hy kap'

(d) slotlettergrepe -ina, -enaotakwiinine < */-KWIININ/a

'hy abba'

otapulakene < */-PULAKEN/a

'hy luister'

3.15 By die volgende voorbeelde het geen vokaal-assimilasie plaasgevind nie;

otatilehi 'hy gooi weg'oteekelehi 'hy gooi weg'

In eg. voorbeeld is dit 'n samestelling van die werkwoordstam -tila 'uitgooi' en die bywoord pohi. In die lg. voorbeeld 'n samestelling van die werkwoordstam -ekela plus die bywoord pohi 'op die grond/onder'. Vgl. ook die volgende Kwanyama voorbeelde:

ekelangeshi < */EKEL/NGEPOSHI

'gooi my weg'

ekelashinge < */EKEL/POSHINGE

'gooi my weg'

Enkellettergropige werkwoordstamme is nie onderhewig aan assimilasië nie. Vgl. die volgende:

otagu < */-GU/

'hy val'

otake < */-KE/

'hy kap'

otali < */-LI/

'hy eet'

otami < */-MI/

'hy loop stadig'

otasi < */-SI/

'hy sterf'

(ii) Refleksiewe vormelement /-i-/

3.16 Die morfologiese samestelling is identies aan dié van Kategorie A. Vir verdere voorbeelde vergelyk p.3 par.1.8.

otiilongo < *o/ta/a/i/LONG/a

'hy leer homself'

otiidhenge < *o/ta/a/i/DHENG/a

'hy slaan homself'

ondiishi ngame mwene < *o/ndi/i/SHI/i

'ek ken myself'

In die geval van die kopulatiewe werkwoorde -li 'is', en -na 'het', is kombinasies met die refleksiewe vormelement nie moontlik nie.

(iii) Voorwerpskakel

3.17 Die morfologiese samestelling is dieselfde as die van Kategorie A. Vir verdere voorbeelde vgl. p.4, par. 1.9. Vir die volledige reeks voorwerpskakels, vgl. Bylae C. p. 147.

otemumono < *o/ta/mu/MON/a

'hy kry hom'

oteshidhenge < *o/ta/shi/DHENG/a

'hy slaan hom'

oyemuwete < *o/ya/mu/WET/e

'hulle sien hom'

owushishi < *o/u/shi/SHI/i

'jy ken dit'

okuyina < *o/ku/yi/NA

'hy het dit'

(iv) Vormelement /-ka-/, uitgang /-a/

3.18 Die morfologiese samestelling is dieselfde as by Kategorie A. Vir verdere voorbeelde vgl. p.6, par. 1.13.

otakuumba < *o/ta/ka/UMB/a

'hy sal skiet'

otakiithana < *o/ta/ka/ITHAN/a

'hy sal roep'

(v) Onderwerpskakel

3.19 Met uitsondering van die onderwerpskakels van die eerste en tweede persoon enkelvoud en meervoud, klasse 1 en 1a, vertoon die onderwerpskakels in Ndonga morfologiese ooreenkomste met die naamwoorde-like klasprefikse. Die onderwerpskakel skakel die werkwoord aan die onderwerp van die sin.

3.20 Twee vorme van die onderwerpskakel in Kategorie C word hier onderskei plus die assimilasiëvarian-te. Eerstens 'n basiese vorm soos dit optree saam met die vormelemente /-ta-/, /-na-/ en /-na-/ en 'n onderwerpskakel wat gebruik word in sub-kategorie C4 wat saamgestel is uit die basiese vorm plus die uitgang -a.

OPMERKING

3.21 Dit is belangrik om daarop te let dat die onderwerpskakel in Kategorie C in geen geval sonder een of meer vormelemente optree nie. Alleenlik by Kategorie E kom die onderwerpskakel sonder enige vormelemente voor.

Die onderwerpskakel saam met die nie-normale werkwoordstamme in klas I is /ku/ en nie /-a-/ nie. In alle gevalle verander onderwerpskakels op -a, die uitgangs -a na -e, wanneer

dit voor nie-normale stamme optree. Hierdie verskynsel kan toegeskryf word aan die aanwesigheid van 'n latente -i-, bv.

oyeshi omumati teende mondjila
 < *o/ya/(i)SHI/i

'hulle ken die seun wat in die pad loop'

okakambe okeshi oshigunda shuukambe
 < *o/ka/(i)SHI/i

'die perd ken 'n perdestal'

omakola ogewete iikulya mondjila
 < *o/ga/(i)WET/e

'die kraaie sien kos in die pad'

Assimilasie van die onderwerpskakel

3.22 Assimilasie van die uitgangsvokaal -a van onderwerpskakels op -a, vind in die volgende gevalle plaas:

(a) By vokaalwerkwoordstamme

Alle onderwerpskakels op -a assimileer met die aanvangsvokaal van vokaalwerkwoordstamme, met gevolglike vokaalverlenging. Alhoewel hierdie reël ook van toepassing is op die onderwerpskakel van klas I -ta- < *ta/a word daar nie vir assimilasie van die uitgangsvokaal voorsiening gemaak in die ortografie nie. Vgl. par. 3.22,(d),bv.

omumati oteende mondjila < *o/ta/a/END/a

'die seun loop in die pad'

omumati uumbile ndje nemanya < *a/UMB/il/e

'die seun het my met 'n klip gegooi'

omulumentu nomukiintu oyeende mondjila
 < *o/ya/a/END/a

'die man en die vrou het in die pad geloop'

omulumentu omugundjuka otiimbi ondjimbo
ombwanawa manga tatsu omapungu
 < *o/ta/a/IMB/a

'die jongman sing 'n mooi lied terwyl hy die mielies stamp'

onduuvite nawa < *o/ndi/UVIT/e

'ek hoor goed'

okwiishi < *o/ku/i/SHI/i

'hy ken homself'

oyiihole < *o/va/i/HOL/e

'hulle het hulleself lief'

(b) Voorwerpskakels

Alle onderwerpskakels op -a verander die uitgangs -a na -e wanneer dit saam met voorwerpskakels in die sin optree, bv.

tata otammono < *o/ta/a/mu/MON/a

'vader kry hom'

ongula onene ondeliumbilile momeya

< *o/ndi/a/li/UMBIL/il/e

'vanoggend vroeg het ek dit in die water gegooi'

(c) Werkwoordstam -ya 'kom'.

In alle gevalle verander die onderwerpskakels op -a die uitgangs -a na -e, wanneer dit saam met die werkwoordstam -ya 'kom', gebruik word.

omuntu oteya kegumbo < *o/ta/a/I/a

'die mens kom by die huis aan'

(d) Vormelement /-ka-/

Saam met die vormelement /-ka-/ voor vokaalstamme vind assimilasië as volg plaas:

omuti otagukiima < *o/ta/gu/ka/IM/a

'die boom sal dra (vrugte)

ehauto otalikeenda < *o/ta/li/ka/END/a

'die motor sal loop'

omakola otagekeenda < *o/ta/ga/ka/END/a

'kraaie sal loop'

oshinima otashikeenda < *o/ta/shi/ka/END/a
'die ding sal loop'

otekeenda < *o/ta/a/ka/END/a
'hy gaan loop'

otakaadha < *o/ta/a/ka/ADH/a
'hy gaan vind'

otekiimba < *o/ta/a/ka/IMB/a
'hy gaan sing'

otekoodha < *o/ta/a/ka/ODH/a
'hy gaan mik'

otekuuva < *o/ta/a/ka/UV/a
'hy gaan hoor'

Die ortografie maak nie voorsiening vir bg. assimi-
lasievorme nie en dit word as volg geskryf:

ota ka enda
'hy gaan loop'

ota ka adha
'hy gaan vind'

ota ka imba
'hy gaan sing'

ota ka uva
'hy gaan hoor'

(e) Vormelement /ina-/

Saam met die vormelement /ina-/ voor vokaalstamme
vind assimilasië as volg plaas:

omuti inagwiima < *ina/gu/IM/a
'die boom het nie vrugte gedra nie'

ehauto inalyeenda < *ina/li/END/a
'die motor het nie gery nie'

omakola inageenda < *ina/ga/END/a

'die kraaie het nie geloop nie'

oshinima inasheenda < *ina/shi/END/a

'die ding het nie geloop nie'

omuntu inseenda < *ina/a/END/a

'die mens het nie geloop nie'

omuntu inaadha < *ina/a/ADH/a

'die mens het nie gevind nie'

omuntu iniimba < *ina/a/IMB/a

'die mens het nie gesing nie'

omuntu inoodha < *ina/a/ODH/a

'die mens het nie gemik nie'

omuntu inuurva < *ina/a/UV/a

'die mens het nie gehoor nie'

Hierdie bogenoemde assimilasiëvorme word volgens die ortografie as volg geskryf:

omumati ina enda

'die seun het nie geloop nie'

omumati ina adha

'die seun het nie gevind nie'

omumati ina imba

'die seun het nie gesing nie'

omumati ina uva

'die seun het nie gehoor nie'

Refleksiewe vormelement /-i-/

3.23 Saam met die refleksiewe vormelement /-i-/ assimileer die uitgangsvokaal van die onderwerpskakel tot -i-, bv.

omumati otiilile ikulya nolusindo nolufoloko
 < *o/ta/a/i/II/el/a

'die seun eet self sy kos met 'n lepel en 'n vurk'

ngame ondiilongo noonkondo

< *o/ndi/a/i/LONG/a

'ek het self hard gewerk'

(vi) Vormelemente /-ta-/, /-ha-/, /-na-/, uitgange /-a/, /-o/, /-u/, /-e/ en /-i/

Vormelement /-ta-/

3.24 In Kategorieë C en D, Sub-kategorieë C1 en D1 is hierdie vormelement kenmerkend voor die onderwerpskakel. As 'n teenwoordige tydsaanduidende vormelement kom dit in die positiewe en negatiewe konjugasies van hierdie kategorieë voor.

Vir voorbeelde in Kategorie C1 vgl. die volgende:

ngame otandikwatha meme megumbo

< *o/ta/ndi/KWATH/a

'ek help my moeder in die huis'

oshikombo itashili omwidhi pedhiya

< *i/ta/shi/LI

'die bok eet nie gras by die vlei nie'

3.25 Assimilasie in die kombinasies van /-ta-/ met die onderwerpskakel van die derde persoon meervoud, is hier kenmerkend, bv.

aantu oyendji otaalongo mepya

< *o/ta/ya/LONG/a

'baie mense werk in die landery'

aanona itaailongo nawa mosikola

< *i/ta/ya/i/LONG/a

'die kinders leer nie mooi in die skool nie'

Die vormelement /-ta-/ word nie met nie-normale werkwoordstamme gebruik nie.

3.26 In die positiewe - en negatiewe konjugasie met die vormelement /-ta-/ word die assimilasievorm van die werkwoordstam in elke geval gebruik.

Vir uitsonderings in hierdie verband vgl. par. 3.13.

otandilesha membo lyandje mosikola

< *o/ta/ndi/LESH/a

'ek lees in my boek in die skool'

otandinyola nopena yohinga hapena vekala

< *o/ta/ndi/NYOL/a

'ek skryf met 'n inkpen nie met 'n potlood nie'

Vormelement /-ha-/

3.27 Met die prefigering van die vormelement /-ha-/ in die plek van /-ta-/ in Sub-kategorie C₂, kry die werkwoord 'n habituele' betekenis. Die vormelement /-ha-/ bly onveranderd in die positiewe- sowel as die negatiewe konjugasie van die werkwoord, bv.

uunona ohaulitha iikombo pomulonga

< *o/ha/u/LI/ith/a

'die kindertjies pas (gewoonlik) die bokke by die rivier op

(Lett. 'laat wei ..)'

ohakulokwa olwindji pothinge ihe hapokufu

nande < *o/ha/ku/LOK/w/a

'gewoonlik' reën dit in die somer maar nie in die winter nie'

Assimilasie met gevolglike vokaalverlenging saam met die onderwerpskakel van die derde persoon meervoud is hier kenmerkend. Vokaalverlenging vind nie plaas in die enkelvoud nie, bv.

oongulohi aakuluntu nuunona ohaakuutumba

pomulilo < *o/ha/ya/KUUTUMB/a

'in die aande sit die ouers en die kinders (gewoonlik) om die vuur'

aakuluntu ohaahokololele uunona omahokololo

gi ili nogi ili < *o/ha/ya/HOKOLOL/el/e

'die ouers vertel (gewoonlik) vir die kinders allerhande stories'

3.28 Assimilasie van /-ha-/ met die onderwerpskakel

van die derde persoon enkelvoud voor die vormelement /-ka-/ waar dit saam met 'n voorwerpskakel gebruik word, is kenmerkend, bv.

ohekevidhipaga < *o/ha/ka/yi/DHIPAG/a

'hy sal dit gaan (gewoonlik) doodmaak'

teenoor

okakambe ohakakavilwa komumati

< *o/ha/ka/KAYIL/w/a

'die perd sal deur die seun gery word'

TABEL II

Kombinasie /-ha-/ + onderwerpskakel

<u>positief</u>		<u>negatief</u>
1ste p.e. ohandeende(ohe)		ihandeende (ihe)
m. ohatuende	>	ohatweende ihatweende
2de p.e. ohoende		ihoende *i/ha/u/
< *o/ha/u/		
> ohweende		ihweende
m. ohamweende		ihamweende
< *o/ha/mu/END/a		< *i/ha/mu/END/a
klas 1 oheende		iheende
< *o/ha/a/END/a		< *i/ha/a/END/a

3.29 Die uitgangs-a van alle onderwerpskakels op -a, verander na -e wanneer saam met voorwerpskakels gebruik word, bv.

ohemumono < *o/ha/mu/MON/a

'hy sien hom gewoonlik'

ohageyili < *o/ha/ga/yi/LI

'hulle eet dit gewoonlik'

3.30 Assimilasie uitgange van die werkwoordstam is dieselfde as by die vormelement /-ta-/. Vgl. par. 3.22.

Die vormelement /-na-/

3.31 Wanneer /-ta-/ of /-ha-/ met /-na-/ vervang word,¹⁾ kry die werkwoord 'n verdere betekenis van 'moontlikheid' (1). Die prefigering van /-na-/ is beperk tot die positiewe konjugasie. Dit word nie algemeen in Ndonga gebruik nie, bv.

longekidha egumbo lyoye, oshoka onosi
< *o/na/u/SI

'Jesaja 38:1. Berei jou huis voor want jy sal (kan) sterwe'

(vii) Die aanvangselement /o-/

3.32 Kenmerkend van alle werkwoorde in Kategorie C, is die aanvangselement /o-/ in die positiewe konjugasie, bv.

Koto otalongo mepya < *o/ta/a/LONG/a
'Koto werk in die land'

uumbwa otaunu omeya nuulaka wawo
< *o/ta/u/NU
'die hondjies drink water met hulle tongetjies'

monagumbo agehe otamukala aantu oyendji
< *o/ta/mu/KAL/a
'in al die huise bly baie mense'

kuku okwaanekela uusila mwene omimvo omilongo ntano < *o/ku/a/ANEK/el/e
'ouma het vir vyftig jaar lank meel in die son oopgesprei om te laat droog'

(viii) Negatiewe vormelemente /i-/, /ina-/ en /ka-/Vormelement /i-/

3.33 In die plek van die aanvangselement /o-/ by Subkategorieë C1, C2 en C3 word die negatiewe vormelement /i-/ geprefigeer om die negatief aan te dui, bv.

1) D.w.s. die werkwoordvorm wat in ander tale as potensiële vorm geklassifiseer word.

otakombo < *i/ta/a/KOMB/a

'hy vee' 'hy vee nie'

otakakomba < *i/ta/a/ka/KOMB/a

'hy sal vee' 'hy sal nie vee nie'

ohakombo < *i/ha/a/KOMB/a

'hy vee (gewoonlik)' 'hy vee nie (gewoonlik) nie'

omumati itakombo egumbo ongula onene noluhwati

'die seun vee nie die huis met 'n besem vroeg in die oggend nie'

okakanbe itakakakayilwa komumati
< *i/ta/a/ka/ka/KAYIL/w/a 1)

'die perd sal nie deur die seun gery word nie'

aakuluntu ihaahokololele uunona omahokololo
gi ili nogi ili < *i/ha/ya/HOKOLOL/el/a

'die ouers vertel nie (gewoonlik) vir die kinders allerhande stories nie'

Vormelement /ina-/

3.34 Kenmerkend van die onderwerpskakel in die kombinasie (onderwerpskakel + -a-), word hierdie saamgestelde negatiewe vormelement in die plek van die aanvangselement /o-/ geprefigeer, met 'n verdere betekenis van ontkenning aan die werkwoord. Vir voorbeelde van die gebruik van hierdie vormelement by Kategorie B vgl. p.36 par. 2.26.

ondamono aantu taanu omalovu, ngame
inandinwa wo < *ina/ndi/NU

'ek het mense sien bier drink en ek het nie gedrink nie'

omulumentu inapita mondjila
< *ina/a/PIT/a

'die man het nie in die pad verby gegaan nie'

1) Die tweede vormelement /-ka-/ verteenwoordig die vormelement van subkategorie C2.

omuntu ineya noshihauto
 < *ina/a/(i)YA/a 1)

'die mens het nie met die motor gekom nie'

Negatiewe vormelement /ka-/

3.35 In die plek van die aanvangselement /o-/ word die negatiewe vormelement /ka-/ geprefigeer teenoor die negatiewe element /i-/ saam met normale werkwoordstamme, bv.

kandihole omuntu < *ka/ndi/HOL/e
 'ek hou nie van die mens nie'

keshi iinima mbika < *ka/a/(i)SHI/i
 'hy ken nie hierdie dinge nie'

ngoye kuhole okulonga < *ka/u/HOL/e
 'jy hou nie daarvan om te werk nie'

(ix) Vormelement /ha-/ 'tog/mos'

3.36 Hierdie vormelement /ha-/ moet nie verwar word met dié van subkategorie C3 nie. Uitgesonderd Kategorieë A en B kom hierdie vormelement vrylik in al die ander werkwoordkategorieë voor. Met die prefigering van die vormelement /ha-/ voor die positiewe element /-ta-, kry die werkwoord 'n verdere betekenis van 'tog/mos'. In subkategorie C4 tree hierdie vormelement onmiddellik voor die onderwerpskakel op. In alle negatiewe konjugasies tree dit as aanvangselement voor die negatiewe vormelement op, bv.

ngame hatandilongo < *ha/ta/ndi/LONG/a
 'ek werk mos'

oongombe haitadhimatuka
 < *ha/i/ta/dhi/MATUK/a
 'die beste hardloop tog nie'

1) (i) verteenwoordig die latente -i-

3.37 Verdubbeling van die uitgangs -a van /-ta-/ saam met /ha-/, is die volgende:

ngame haitaandilongo
 < *ha/i/ta/ha/ndi/LONG/a
 'ek werk tog nie'
 teenoor
ngame handalonga
 < *ha/ndi/a/LONG/a
 'ek het mos gewerk'

3.38 In die positiewe konjugasie tree die vormelement /ha-/ saam met nie-normale stamme in die plek van die aanvangselement /o-/ op. In die negatief word dit aan die negatiewe vormelement geprefigeer met vokaalverlenging van die slot -a van /-ka-/. Die werkwoord kry 'n verdere betekenis van 'tog/mos', bv.

handimuwete ngashingeyi < *ha/ndi/mu/WET/e
 'ek sien hom tog nou'
hakaandimuwete ngashingeyi
 < *ha/ka/ha/ndi/mu/WET/e
 'ek sien hom tog mos nie nou nie'

3.39 Saam met /-ka-/

ngame hatandikalonga pomulonga
 < *ha/ta/ndi/ka/LONG/a
 'ek sal mos by die rivier werk'

neg.

ngame haitaandikalonga
 < *ha/i/ta/ha/ndi/ka/LONG/a
 'ek sal mos nie werk nie'

In die kombinasie o/s + /-a/

handalonga < *ha/ndi/a/LONG/a
 'ek het mos gewerk'

neg.

hainaandilonga < *ha/ina/ha/ndi/LONG/a
'ek het mos nie gewerk nie'

(x) Meervoudsagtervoegsel /--eni/

3.40 Alhoewel hierdie meervoudsagtervoegsel hoofsaaklik beperk is tot Kategorie B, kom dit tog in 'n mindere mate in die ander kategorieë voor. In Kategorie C tree dit op in die plek van die uitgangsvokaal van alle werkwoordstamme met 'n verdere betekenis van 'doel' of 'beslistheid' of 'almal', aan die werkwoord, bv.

ongula yonena otatutsikileni komeho
nekundathan o < */-TSIKIL/eni

'vandag gaan ons voort met ons besprekings'

neg.

.... itatutsikileni

otatutamekeni kepanja ...

'ons begin op bladsy

(a) Nie-normale stamme

-shi

otusheni shike ano? < *o/tu/SHI/eni

'wat weet ons almal nou'

-hole

otuholeni shike?

'waarvan hou ons almal?

-thike

otuthikeni pamwe

'ons almal is ewe lank'

-uvite

otuviteni enota

'ons is almal dors'

-na

otuneni iikulya

'ons het almal kos'

-(l)weteotuweteni iikogo

'ons almal sien wolke'

(c) Met /-ka-/ohela omutenya otwatile kutya otatuka-
tamekeni ongula'gister het ons gesê dat ons vanoggend
gaan begin'(d) In die kombinasie o/s + /-a/iilyo iisimankwa otweyeni mpaka
lukundathaneni'Geagte lede ons het hierheen gekom om
te gesels'otwapopyeni olule unene

'ons het nou lank en baie gepraat'

(xi) Vormelement /-il-/~/-el-/~/-in-/~/-en-/ < ⁿ-ile

3.41 Met die suffigering van die vormelement /-il-/ tussen die wortel en die uitgangsvokaal van werkwoordstamme, word die voltooidheid van 'n handeling met betrekking tot 'n relatiewe groot tydsverloop, waarin verskillende handeling kon plaasgevind het, uitgedruk. In die positiewe konjugasie is die werkwoordstamme onderhewig aan vokaalassimilasie. Die uitgangs-a verander in alle gevalle na -e. In die negatiewe konguasie word die vormelement /-il-/ vervang deur /-a/.

Variant /-il-/

3.42 Werkwoordstamme met -u- of -i- as stamvokaal suffigeer /-il-/ in die plek van die uitgangsvokaal, bv.

okwahulile < *o/ku/a/HUL/il/e

'hy het uitgetrek (klere)'

okwatungila < *o/ku/a/TUNG/il/e

'hy het gebou'

neg.

inahula oonguyo dhe

'hy het nie sy klere uitgetrek nie'

inatunga egumbo ewanawa

'hy het nie 'n mooi huis gebou nie'

Variant /-el-/

3.43 Stamvokale -a- of -e- gevolg deur ander konsonante as -m- of -n-, suffigeer /-el-/ in die plek van die uitgangsvokaal van die werkwoordstam, bv.

okwahwagela komatango

< *o/ku/a/HWAG/il/e

'hy het oopgestamp (karkoer om die pitte uit te kry) die middag'

ombepo ovapebele ohela

< *o/yi/a/PEP/il/e

'die wind het gister gewaaie'

Variant /-in-/

3.44 Werkwoordstamme met -u- of -i- as stamvokaal, gevolg deur die nasale -m- of -n-, suffigeer /-in-/ in die plek van die uitgangsvokaal van die werkwoordstam, bv.

okwakunine oombuto

< *o/ku/a/KUN/il/e

'hy het die saad gesaai'

okwalimine ohela

< *o/ku/a/LIM/il/e

'hy het gister geploeg'

Variant /-en-/

3.45 Met -a-, -e- of -o- as stamvokaal gevolg deur die nasale -m- of -n-, word /-en-/ in die plek van die uitgangsvokaal van die werkwoordstam gesuffigeer, bv.

omuti ogwamenene < *o/gu/a/MEN/il/e

'die boom het gegroei'

oshikombo oshamonene omusita

< *o/shi/a/MON/il/e

'die bok het die wagter gesien'

3.46 Alhoewel dit nie met sekerheid tot op datum bewys kon word nie, kan die bestaan van 'n vorm met die toonpatrone HLL teenoor die LLL van die vorige vorm nie ontken word nie. Laasgenoemde vorm dui op 'n moontlike voldonge verlede tyd.

ondadhànènè

'ek het gespeel (kan weer speel)'

ondadhánènè

'ek het gespeel (kan of sal nooit weer speel nie)'

ondakùnìnè uumeno

'ek het plantjies geplant'

ondakúnìnè uumeno

'ek het plantjies geplant (nooit weer nie)'

Betekenis en gebruik

3.47 Kategorie C stel 'n handeling voor as 'n feit of as werklikheid. Die volgende subkategorieë word hier onderskei op grond van vorm en betekenis:

Subkategorie C1

3.48 Subkategorie C1 word saamgestel uit 'n aanvangselement /o-/ + die element /-ta-/ + die basiese onderwerpskakel. Die werkwoordstam word gekenmerk deur vokaalassimilasie. In die negatiewe konjugasie word die aanvangselement /o-/ deur die negatiewe vormelement /i-/ vervang. Saam met nie-normale stamme word die onderwerpskakel /-ku-/ gebruik. /-ta-/ val weg, en in die negatief word /o-/ deur /ka-/ vervang, bv.

omumati oteende mondjila

< *o/ta/a/END/a

'die seun loop in die pad'

oshikombo otashilithwa komumati

< *o/ta/shi/LI/iith/w/a

'die bok word deur die seun opgepas'

3.49 Nie-normale stamme

tate kekuwete < *ka/a/ku/WET/e

'vader sien jou nie'

okakambe okehole okunapa < *o/ka(i)HOL/e

'die perd hou daarvan om te wei'

omakola ogeshi omeya < *o/ga(i)/SHI/i

'die kraai ken water'

aawe kandishishi < *ka/ndi/shi/SHI/i

'nee ek ken dit nie'

Subkategorie C2

3.50 Handeling wat in die toekoms gaan of sal plaasvind word deur hierdie subkategorie uitgedruk. Kenmerkend is die aanvangs /o-/ in die positief plus /-ta-/ plus die basiese onderwerpskakel plus /-ka-/. Werkwoordstamme is nie onderhewig aan vokaalassimilasie nie. Nie-normale stamme word nie hiermee saam gebruik nie. In die negatief word /o-/ deur die negatiewe vormelement /i-/ vervang, bv.

omumati otakeenda mondjila

< *o/ta/a/ka/END/a

'die seun sal in die pad loop.

Lett. die seun gaan in die pad loop'

oshikombo otashikalithwa komumati

'die bok sal deur die seun opgepas word'

neg.

omumati itakeenda mondjila

'die seun sal nie in die pad loop nie'

oshikombo itashikalithwa komumati

'die bok sal nie deur die seun opgepas word nie'

tate otekekukwatha okulonga iilonga yoye

'vader sal jou help om jou werk te doen'

ngele otekeya atutalele po. otatukalonga

'wanneer hy sal kom om vir ons te kuier
sal ons werk'

omumati itakelitha oongombe pedhiya

'die seun sal nie beste in die vlei
oppas nie'

elenga italikanwa omalovu pomutenya

'die hoofman sal nie bier in die middag
drink nie'

Subkategorie C3.

3.51 Gewoontelike handeling word uitgedruk deur subkategorie C3, wat uit die volgende elemente bestaan: 'n Basiese onderwerpskakel, voorafgegaan deur die aanvangselement /o-/, plus die vormelement /-ha-/ wat voor die werkwoordstam optree. In die negatiewe konjugasie word die aanvangselement /-o-/ deur die negatiewe vormelement /-i-/ vervang, bv.

ohemumone < *o/ha/a/mu/MON/a

'hy kry hom gewoonlik'

ohayeyili < *o/ha/ya/yi/LI

'hulle eet dit gewoonlik'

olwindji ohandi kala nehalo okulonga

< *o/ha/ndi/KAL/a

'soms is ek lus om te werk'

Die vormelement /-ka-/ tree as volg saam met subkategorie C3 op:

okakambe ohakakakayilwa komumati

< *o/ha/ka/ka/KAYIL/w/a

'die perd gaan deur die seun gery word'

omulumentu ohakadhipaga onkoshi

< *o/ha/ka/DHIPAG/a

'die man gaan die leeu doodmaak'

By alle onderwerpskakels op -a verander die uitgang -a na -e, wanneer dit saam met /-ka-/ voor voorwerpskakels optree, bv.

onekevidhipaga < *o/ha/a/ka/yi/DHIPAG/a
'hy gaan dit gewoonlik doodmaak'

ohagekeyimona < *o/ha/ga/ka/yi/MON/a
'hulle gaan dit sien'

ohakekeyilva < *o/ha/ka/ka/yi/LI/a
'hy gaan dit gewoonlik eet'

Geen assimilasie van die uitgang -a van werkwoordstamme met die stamvokaal vind plaas wanneer /-ka-/ saam met subkategorie C3 gebruik word nie.

Subkategorie C4 (a, b, c)

3.52 Hierdie subkategorie bestaan uit die aanvangselement /o-/ plus 'n basiese onderwerpskakeel plus /-a-/. In die negatief word /o-/ deur /ina-/ vervang. Die volgende variante vorme word onderskei:

- (a) o/s + -a- + assimilasiëvorm van die werkwoordstam
- (b) o/s + -a- + werkwoordstam op -a
- (c) o/s + -a- + varieerbare suffiks /-il-h/-el-h
/in-h/en-h/

- (a) o/s + a + assimilasiëvorm van die werkwoordstam

3.53 Hierdie variante vorm van subkategorie C4 druk handelinge uit wat in die nabye verlede tyd begin het, en nog nie afgehandel of voltooid is nie. Werkwoordstamme in hierdie kombinasie is onderhewig aan vokaalassimilasie in die positiewe konjugasie. In die negatiewe konjugasie word die aanvangselement /o-/ deur die negatiewe vormelement /ina-/ vervang, en die werkwoordstam eindig op -a, bv.

omumati okweende mondjila
'die seun het in die pad geloop'

oshikombo oshalithwa pelundu ¹⁾
'die bok het by die vlei gewei'

1) geen assimilasie by die kousatief nie.
Vgl. par. 3.14

omulumentu okwapiti mondjila
'die man het in die pad verby gegaan'

omuntu okweya noshihauto
< *o/ku/a/(i) I/a 1)
'die mens het met die motor gekom'

neg.

omumati inaenda mondjila
'die seun het nie in die pad geloop nie'

oshikombo inashilitha pelundu
'die bok het nie by die vlei gewei nie'

omulumentu inapita mondjila
'die mens het nie in die pad verby gegaan nie'

omuntu ineya noshihauto
'die mens het nie met die motor gekom nie'

Vergelyk ook die volgende:

3.54 omambungu inageya < *ina/ga/a/(i) I/a 1)
'die wolwe het nie gekom nie'

okakambe inakeya < *ina/ka/a/(i) I/a 1)
'die perd het nie gekom nie'

aantu inayeva < *ina/ya/a/(i) I/a 1)
'die mense het nie gekom nie'

3.55 Toestandsaanduidende werkwoordstamme kry laagtoon op die aanvangslettergreep van die werkwoordstam, bv.

ondavùlwa kiilonga ayihe ngashingeyi
'ek is nou moeg van al die werk'

ondamàtuka naamati oyendji
'ek het saam met baie seuntjies gehardloop'

(b) o/s +-a- werkwoordstam op -a

3.56 Handeling wat in die nabye verlede tyd begin en nou afgehandel is, word met hierdie variante vorm

1) (i) dui die latente -i- aan.

uitgedruk. Kenmerkend van alle werkwoordstamme in hierdie tydvorm is die uitgangs -a, bv.

Kaandje okwemumona we

< *o/ku/a/mu/MON/a

'kaandje het hom weer gesien'

kuNegumbo okwauvika sha

< *o/ku/a/UV/ik/a

'van Negumbo is iets gehoor'

okakambe okeya netemba lyomuntu

< *o/ka/a/(i) i/a

'die perd het met die mens se wa gekom'

neg.

Kaandje inamumona we

'Kaandje het hom nie weer gesien nie'

kuNegumbo inauvika sha

'van Negumbo is niks gehoor nie'

okakambe inakeya netemba lyomuntu

'die perd het nie met die mens se wa gekom nie'

3.57 Toestandsaanduidende werkwoordstamme word gekenmerk deur hoogtoon op die aanvangslettergreep van die werkwoordstam in die positiewe- sowel as die negatiewe konjugasies, bv.

tala kiiyimati ayihe oyanyá

'kyk al die vrugte is ryp'

Lota okwagógola

'Lota het klaar gestamp'

neg.

tala kiiyimati inayipyá

'kyk die vrugte is nie ryp nie'

Lota inagógola

'Lota het nie klaar gestamp nie'

3.58 Die gebruik van die vormelement /-ka-/ 'gaan'

in subkategorie C4, dui op 'n moontlike voltooide toekomstige tyd, bv.

ondakalonga 'ek het gaan werk'
ondakadhana 'ek het gaan speel'

(c) o/s + a + werkwoordstam + die varieerbare suffiks
 /-il-~/ /-el-~/ /-in-~/ /-en-/ < ²ile

3.59 Vir die vorming en gebruik van hierdie variante vorm vgl. p. 12 par. 1.31. Volgens betekenis word handeling in die verre verlede hiermee uitgedruk. Die 'verlede tydsaspek' kan relatief wees, bv.

ondalongele ohela
 'ek het gister gewerk'
ondalongele ongula yonena
 'ek het vanoggend gewerk'

neg.

inandilonga
 'ek het nie gewerk nie'

'n Alternatiewe negatief is moontlik deur die negatiewe vormelement /ka-/ aan die positiewe konjugasie te prefigeer, bv.

kandilongele
 'ek het nie gewerk nie'

(Vgl. Bylae B vir die volledige skakelreeks)

Die moontlikheid van 'n verdere variante vorm hier is nie uitgesluit nie. Vgl. die volgende:

- (c) òndalóngélè
 'ek het gewerk'
 (d) òndálóngèlè
 'ek het gewerk (sal nooit weer nie)'

(Vgl. ook par. 3.46)

Verdere voorbeelde van Kategorie C met die werkwoord-
agtervoegsels.

3.60 passief

Thoko okwati (C4) okweyibewa (C4) kuvinakulu
'Thoko het gesê dat hy dit by sy ouma gekry het'
embo ohalileshwa (C3) kuunona
'die boek word deur die kindertjies gelees'
embo olyanyolwa (C4) ohela komumati
'die boek is gister deur die seun geskryf'

3.61 applikatief

agwile (C4) mompile vana (D1)¹⁾ omulilo
natango
'hy het in die warm as geval'
omolwashike ombwa vanukile (D4) momeya
'hoekom het die hond in die water geval'
omusamane otakandele (C1) omukulukadhi
ongombe
'die man melk vir die vrou die bees'

3.62 kousatief

otafundjitha (C1) ndje
'hy laat my lieg'
otandimuketha (C1) omuti
'ek laat hom die boom afkap'
ohalitha (C3) oongombe pedhiya lyomeya
'hy pas beeste op by die watervlei'

3.63 neutro-aktief

meme otalangeke (C1) okanona
'moeder lê die kind neer'

1) Vgl. Kategorie D1. p. 79 (b)

oyedhilondeke (C4) metemba

'hulle het dit op die wa laat klim'

3.64 neutro-passief

omeya ogadhindika (C4)

'die water is helder'

onyama oyakangeka (C4)

'die vleis is goed gebraai'

3.65 Slot

Alhoewel 'n moontlike vyfde subkategorie hier moontlik is t.w. o/s + vormelement /-na-/ + geassimileerde vorm van die werkwoordstam, word daar egter volstaan met genoemde subkategorieë. Die betekenis en gebruik van die vormelement /-na-/ is tot op datum nie duidelik nie. (Vgl. par. 3.31)

Gevolgtrekking

3.66 Kategorie C word onderskei op grond van vorm en betekenis. Die aanwesigheid van die aanvangselement /o-/, wat in die negatiewe konjugasie vervang word met die negatiewe vormelemente /i-/, /ina-/ en /ka-/, is kenmerkend van hierdie kategorie.

3.67 Op grond van die betekenis van die vormelement samestellings word vier subkategorieë onderskei, nl. 1, 2, 3, 4(a), (b), (c) en moontlik (d). (Vgl. par. 3.46)

3.68 Normale en nie-normale werkwoordstamme word onderskei. Die gebruik van nie-normale stamme is beperk tot subkategorie C1. (Vgl. par 3.3)

3.69 'n Basiese onderwerpskakel is 'n vereiste in Kategorie C. (Vgl. par. 3.19)

3.70 'n Variante onderwerpskakel in klas I word onderskei vir gebruik met nie-normale stamme. (Vgl. par. 3.21).

HOOFSTUK IVKATEGORIE D4.0 Morfologiese struktuur

- (i) stam (wortel + uitgang)
- (ii) refleksiwe vormelement /-i-/
- (iii) voorwerpskakel
- (iv) vormelement /-ka-/, uitgang /-a/
- (v) onderwerpskakel
- (vi) vormelemente /(-)ta-/, /(-)ha-/, uitgange /-a/ /-o/, /-u/, /-e/ en /-l/
- (vii) negatiewe vormelemente /i-/.../-ha/, /ina-/.../-ha-/, /ka-/.../-ha-/
- (viii) meervoudsagtervoegsel /-eni/
- (ix) vormelement /ha-/
- (x) uitgang /-il-/~/-el-/~/-in-/~/-en-/

Inleiding

4.1 Kategoriaal-onderskeidende kenmerke van Kategorie D is eerstens die afwesigheid van die aanvangselement /o-/, bv.

ondiwete omumati teende¹⁾ mondjila
 'ek sien die seun lopende in die pad'
 < *ta/a/END/a

In die negatiewe konjugasie word die negatiewe vormelemente /i-/.../-ha-/, /ina-/.../-ha-/ en /-ka-/.../-ha-/ gebruik met gevolglike assimilasie:

ondiwete omumati iteende¹⁾ mondjila
 'ek sien die seun nie lopende in die pad nie'
 < *i/ta/ha/a/END/a

ondiwete omumati ineenda mondjila
 'ek sien die seun, terwyl hy nie in

1) Vgl. vokaalassimilasie p.53, par. 3.22

die pad geloop het nie'

< *ina/ha/a/END/a

ondiwete omumati kaandimushi

'ek sien die seun, vir wie ek nie ken nie'

< *ka/ha/ndi/mu/SHI/i

alternatief

ndaamushi

*ndi/ha/mu/SHI

Op grond van vormelement-betekenis kombinasies word vier subkategorieë onderskei, nl. 1, 2, 3, 4(a), (b), (c) en moontlik (d). Alhoewel die kenmerkende vormelemente in hierdie subkategorieë met dié van Kategorie C ooreenstem, verskil hierdie subkategorieë in vorm en betekenis van Kategorie C.

(a) Subkategorie D1

Waar die vormelement /(-)ta-/ in 'n kenmerkende kombinasie optree vir handeling in die hede. (Vgl. par. 4.17)

(b) Subkategorie D2

Waar die vormelement /-ka-/ in 'n kenmerkende kombinasie optree vir handeling in die toekoms. (Vgl. par. 4.17)

(c) Subkategorie D3, waar die vormelement /(-)ha-/ in 'n kenmerkende kombinasie optree vir gewoontelike handeling. (vgl. par. 4.17)

(d) Subkategorie D4(a), (b), (c), (d), waar die vormelement /-a-/ in 'n kenmerkende kombinasie optree vir handeling in die verlede. (Vgl. 4.17)

(i) Stam (wortel + uitgang)

4.2 Soos van toepassing op Kategorie C. (Vgl. p. 41, par. 3.2)

(ii) Refleksiewe vormelement /-i-/

4.3 Soos van toepassing op Kategorie C. (Vgl. p.51 par. 3.16.)

(iii) Voorwerpskakel

4.4 Soos van toepassing op Kategorie A. (Vgl. p. 4 par. 1.9)

(iv) Vormelement /-ka-/, uitgang /-a/

4.5 Soos van toepassing op Kategorie A. (Vgl. p. 6 par. 1.13)

(v) Onderwerpskakel

4.6 Die onderwerpskakels van klas I in die kombinasie o/s + /-a-/ + normale werkwoordstamme, is /-a-/ in alle gevalle. In die kombinasie o/s + nie-normale werkwoordstamme is die o/s van klas I /-a/, terwyl die vormelement /ta-/ nie hier verskyn nie.

TABEL III

(a) Kombinasie o/s + /-a-/

1ste p.e. ndalongo < *ndi/a/LONG/a
'terwyl ek gewerk het'

m. twalongo < *tu/a/LONG/a
'terwyl ons gewerk het'

2de p.e. walongo < *u/a/LONG/a
'terwyl jy gewerk het'

m. mwalongo < *mu/a/LONG/a
'terwyl julle gewerk het'

klas 1 alongo < *a/a/LONG/a
'terwyl hy gewerk het'

klas 2 yalongo < *ya/a/LONG/a
'terwyl hulle gewerk het'

klas 6. galongo < *ga/a/LONG/a
'terwyl dit gewerk het'

klas 12. kalongo < *ka/a/LONG/a
'terwyl dit gewerk het'

(b) Kombinasie o/s + nie-normale werkwoordstamme

1ste p.e. ndishi < *ndi/SHI/i
'terwyl ek ken'

m. tushi < *tu/SHI/i
'terwyl ons werk'

2de p.e. ushi < *u/SHI/i
'terwyl jy ken'

m. mushi < *mu/SHI/i
'terwyl julle ken'

klas 1 . eshi < *a/SHI/i 1)
'terwyl hy ken'

klas 2 yeshi < *ya/SHI/i 1)
'terwyl hulle ken'

klas 6. geshi < *ga/SHI/i 1)
'terwyl dit ken'

klas 12. keshi < *ka/SHI/i 1)
'terwyl dit ken'

(vi) Vormelemente /(-)ta-/, /(-)ha-/, uitgange /-a/,
/-o/, /-u/, /-e/ en /-i/

(a) Vormelement /ta-/

4.7 Geen prefigale elemente tree saam met /ta-/ in die positiewe konjugasie op nie. Die reëls van kombinerings met die onderwerpskakel is soos van toepassing op Kategorie C. (Vgl. p. 57, par. 3.24)

1) Vgl. assimilasie par. 3.21, p.52.

(b) Vormelement /(-)ha-/

4.8 Geen prefigale elemente tree saam met /ha-/ in die positiewe konjugasie op nie. Die reëls van kombinerings met die onderwerpskakel is soos van toepassing op Kategorie C. (Vgl. p. 58 par. 3.27)

(c) Uitgange /-a/, /-o/, /-u/, /-e/ en /-i/

4.9 Die assimilasieuitgange in Kategorie D volg die reëls soos van toepassing op Kategorie C. (Vgl. p. 42, par. 3.6)

OPMERKING

4.10 Alhoewel die reëls van kombinerings van bogenoemde vormelemente met dié van Kategorie C ooreenstem is daar 'n betekenis verskil wanneer bogenoemde vormelemente in kenmerkende kombinasies in Kategorie D voorkom.

(vii) Negatiewe vormelemente /i-/.../-ha-/,
ina-/.../-ha-/, /ka-/.../-ha-/.

4.11 In die negatiewe konjugasie in die kombinasie /ta-/ + o/s + geassimileerde vorm van die werkwoordstam, tree die vormelement /i-/ onmiddellik voor die element /ta-/ op saam met die vormelement /-ha-/ wat voor die onderwerpskakel optree en onderhewig is aan assimilasië, bv.

omulumentu nomukiintu oyeende mondjila.

itaaimbi < *i/ta/ya/ha/IMB/a

'die man en die vrou het in die pad
geloop, terwyl hulle nie gesing het
nie'

4.12 In die kombinasie o/s + /-a-/+ werkwoordstam word die vormelement /ta-/ vervang deur die verlede tydselement /ina-/ gevolg deur die element /-ha-/ wat voor die onderwerpskakel optree, en onderhewig is aan assimilasië, bv.

omuna okuyaha onkoshi manga

inaayikwata ongombe
 < *ina/ha/yi/KWAT/a

'julle moet die leeu skiet voordat
 hy die bees vang. (Lett. terwyl
 hy nog nie die bees gevang het nie)'

4.13 Met nie-normale werkwoordstamme word die negatiewe vormelement /-ha-/ alleenlik by die eerste- en tweede persoon enkelvoud en meervoud gebruik. In die ander klasse word 'n alternatiewe negatief, saamgestel uit die negatiewe vormelement /ka-/ + onderwerpskakel gebruik.

TABEL IV

Negatiewe konjugasie - nie-normale stamme

1ste p.e. ndaashi < *ndi/ha/SHI/i

'terwyl ek nie ken nie'

m. twaashi < *tu/ha/SHI/i

'terwyl ons nie ken nie'

2de p.e. waashi < *u/ha/SHI/i

'terwyl jy nie ken nie'

m. mwaashi < *mu/ha/SHI/i

'terwyl julle nie ken nie'

klas 1 keeshi < *ka/a/ha/SHI/i ¹⁾

'terwyl hy nie ken nie'

klas 2 yaashi < *ya/ha/SHI/i

Terwyl hulle nie ken nie'

(kayeshi < *ka/ya/SHI/i) ²⁾

klas 6 gaashi < *ga/ha/SHI/i

(kageshi < *ka/ga/SHI/i) ²⁾

'terwyl dit nie ken nie'

klas 12 kaashi < *ka/ha/SHI/i

(kakeshi < *ka/ka/SHI/i) ²⁾

1) Vgl. assimilasie par. 4.11

2) Minder gebruiklike wisselvorme.

'terwyl dit nie ken nie'

(viii) Meervoudsagtervoegsel /-eni/

4.14 Die reëls vir die suffigering van bg. vormelement is dieselfde as by Kategorie C. (Vgl. p. 64 par. 3.40)

(ix) Vormelement /ha-/

4.15 Die reëls vir die gebruik van hierdie vormelement in Kategorie D is dieselfde as by Kategorie C. (Vgl. p. 62, par. 3.36)

(x) Uitgang /-il-/-el-/-in-/-en-/ < ^π-ile

4.16 Die suffigering van hierdie vormelement aan die werkwoordstam in Kategorie D is dieselfde as by Kategorie C. (Vgl. p. 65, par. 3.41)

Betekenis en gebruik

4.17 Volgens vorm en betekenis word die volgende subkategorieë onderskei:

Subkategorie D1

pos. /(-)ta-/ + o/s + werkwoordstam

tandilongo

'ek werkende'

neg. itaandilongo < *i/ta/ha/ndi/LONG/a

'ek nie werkende'

Subkategorie D2

pos. /(-)ta-/ + o/s + /-ka-/ + werkwoordstam

tandikalonga

'ek sal werkende wees'

neg. itaandikalonga < *i/ta/ha/ndi/ka/LONG/a

'ek sal nie werkende wees'

Subkategorie D3. /(-)ha-/ + o/s + werkwoordstam

- pos. handilongo
 'ek werkende gewoonlik'
- neg. ihaandilongo < *i/ha/ha/ndi/LONG/a
 'ek nie werkende gewoonlik'

Subkategorie D4(a). (b). (c).(a) o/s +-a-+ werkwoordstam (assimilasievorm)

- pos. ndalongo
 'ek was werkende'
- neg. inaandilonga < *i/na/ha/ndi/LONG/a
 'ek was nie werkende nie'

(b) o/s +-a-+ werkwoordstam (geen assimilasië)

- pos. ndalonga
 'ek was werkende'
- neg. inaandilonga < *i/na/ha/ndi/LONG/a
 'ek was nie werkende'

(c) o/s +-a-+ werkwoordstam + /-il-/ ~ /-el-/ ~ /-in-/ ~ /-en-/

- pos. ndalongele
 'ek was werkende'
- neg. inaandilonga < *ina/ha/ndi/LONG/a
 'ek was nie werkende'

4.18 Werkwoorde in Kategorie Dtree in twee verskillende sintaktiese verbande op. Eerstens as werkwoord as sodanig om gelyktydig handelinge uit te druk, of na sekere voegwoorde. Tweedens tree werkwoorde in Kategorie D saam met 'n antesedent op. Die antesedent word as onderwerp of as voorwerp gebruik.

A. As werkwoord as sodanig4.19 Uitdrukking van gelyktydige handelinge

okwaadha ndje ndakala megumbo

'hy het my gekry terwyl ek in die huis bly'
(Lett. ek wonende in die huis)

eluwa sho talitende, Negumbo opo teya

'met dagbreek het Negumbo vertrek'

4.20 Na sekere voegwoorde

Na die voegwoorde ngele 'as', 'toe', 'terwyl'; opo 'en toe', 'toe'; sho 'toe', 'as'; manga 'terwyl'; omo 'as', 'toe'; uuna, una 'wanneer'en nando 'alhoewel', om afhanklike bysinne van plek, tyd en hoedanigheid aan te dui, bv.

otokala toli uuna aayenda taaya

< *ta/u/LI

'jy sal besig wees om te eet wanneer die gaste aankom'

omuna okuyaha onkoshi manga inaayikwata
ongombe < *ina/ha/yi/KWAT/a

'julle moet die leeu skiet voordat hy die bees vang. (Lett. terwyl hy nog nie het gevang die bees)'

aakongo sho veva pontanda votango
oyakutulula < *va/a/i/I/a

'met die jagters se aankoms by die eerste kamp, het hulle uitgespan'

4.21 Na die hulpwerkwoord /-li-/ in die saamgestelde gesegdevorm¹⁾, bv.

nalenale okwali akala megumbo popepi
nomulonga < *a/KAL/a

'lank gelede het hy in 'n huis naby die rivier gewoon'

pegumbo lyontumba cwali pwadhipagwa
ondumetana < *pu/a/DHIPAG/w/a

'in 'n sekere huis was daar 'n os geslag'

¹⁾ Vir die saamgestelde gesegdevorm vgl. par. 6.2, p. 104

4.22 Na die volgende werkwoorde wat hulpwerkwoorde-
lik optree in saamgestelde gesegdevorme: tameka
'begin'; hala 'wil'; kala 'bly', 'vertoef', 'wag', bv.

manga yeli mondjila, Kambonde okwatameke
tati: < *ta/a/II

'terwyl hulle op pad was het Kambonde
gesê:'

ondaadhika ndahala ndikumone
< *ndi/a/HAI/a

'ek wou jou graag gesien het. (Lett.
ek was aangetref ek jou sien)'

okwakala amwena okathimbo, itaapopi
sha _____ *a/MWEN/a

'hy het 'n rukkie stil gebly, niks
gesê nie'

manga tuli mondjila, tatuyi kongeleka
nani Maria akala konima

'terwyl ons op pad kerk toe was, het
Maria agter gebly'

B. Werkwoorde in Kategorie D saam met 'n antesedent

4.23 Hieronder word al die gevalle ingesluit waar
die predikatiewe (komplemente van die onderwerp van
die sin) kwalifiserend kan optree. As predikatiewe
kan die volgende woorde of woordgroepe optree:

4.24 Kopulatiewe groepe

omuntu (ngoka) ðmukwaniilwa

'die man wat 'n kaptein is'

Dit is belangrik om daarop te let dat die demonstra-
tief nie 'n noodsaaklike inleidende lid tot die predi-
kaat is nie.

Alhoewel hierdie gebruik van werkwoorde in Katego-
rie D ooreenkoms vertoon met die sg. 'Relatiefkon-
struksie' van die Bantoetale in die R.S.A., wanneer
dit saam met 'n antesedent kwalifiserend gebruik
word, is dit in Ndonga geen subkategorie van Kate-

gorie D nie. Morfologies is daar geen verskil in die werkwoordvorm nie, bv.

omumati eli megumbo 1)

< *a/LI

'die seun wat in die huis is'

ongombe (ndjoka) yaali moshigunda

< *yi/ha/LI

'die bees (daardie een) wat nie in die kraal is nie'

ongombe itaayikakala moshigunda 2)

< *i/ta/ha/vi/ka/KAL/a

'die bees wat nie in die kraal sal wees nie'

omulumentu ena omumati, otalongo wo

< *a/NA

'die man wat 'n seun het, werk ook'

4.25 Werkwoordgroepe as predikate

Direkte verhouding

4.26 In hierdie verhouding bestaan 'n onderwerps-verhouding tussen die antesedent en die predikaat. Die antesedent is tegelykertyd die onderwerp in die komplement, bv.

gumwe ngoka eshi omayamukulo goongano,

okuna okukala omunandunga

< *a/SHI/i

'die een wat die antwoorde van die raaisels ken, sal moet slim wees'

oshikombo itaashili omwidhi, otashinapa

pedhiye

< *i/ta/ha/shi/LI

'die bok wat nie gras vreet nie, wei naby die vlei'

-
- 1) -li is in hierdie geval 'n kopulatiewe werkwoord en word deurgaans gevolg deur 'n s.nw.
 - 2) -kala tree in hierdie geval op as kopulatiewe werkwoord.

omulongi takadhenga omumati mosikola
 < *ta/a/ka/DHENG/a

'die onderwyser wat die kind in die
 skool sal slaan'

omulumentu ngoka eendele¹⁾
 < *a/END/el/a

'daardie man wat geloop het'

omulumentu ngoka inaaenda
 < *ina/ha/a/END/a

'daardie man wat nie geloop het nie'

ondavulwa nduvvite ongomuntu eenda kokule
 < *a/a/END/a

'ek is moeg, ek voel soos 'n mens wat
 ver geloop het'

Indirekte verhouding

4.27 Die antesedent staan in 'n indirekte verhouding tot die predikatief. Die volgende indirekte verhoudinge word onderskei:

Voorwerpsverhouding

4.28 In 'n voorwerpsverhouding is die antesedent die voorwerp van die komplement en word daarin verteenwoordig deur sy voorwerpskakel of absolute voornaamwoord of albei, bv.

omulumentu ngoka wemukwathela, itekekudhimbwa
 < *u/a/mu/KWATH/el/a
 < *i/ta/ka/ku/DHIMBW/a

'daardie man vir wie jy gehelp het, sal
 jou nie vergeet nie'

negatief

inoomukwathela < *ina/ha/u/mu/KWATH/el/a
 'vir wie jy nie gehelp het nie'

omulumentu tandimulongele, ohakwatha ndje unene < *ta/ndi/mu/LONG/el/a

'die man vir wie ek werk, help my baie'

¹⁾ Vgl. assimilasie p. 50, par. 3.14, (c)

Bywoordelike verhouding

4.29 In hierdie verhouding word die antesedent in die komplement verteenwoordig deur 'n bywoordelike samestelling gevorm van die antesedent se absolute voornaamwoord voorafgegaan deur die lokatiewe klas-prefikse pu- (16), ku- (17) en mu- (18). Hierdie verhouding is in Afrikaans vertaalbaar met 'waarby', 'waarop' en 'waarin', bv.

kiihwa nkoka tandiyi kuyo, oko kiihwa nkoka twakala

'die bos waarheen ek loop, is die bos waar ons bly'

pomulonga itaatudhana pugwo, ogwo omulonga omunene

< *i/ta/na/tu/DHAN/a

'die rivier waarby ons nie speel nie, is 'n groot rivier'

oshipundi shika wakuutumba kusho, osho oshipundi shoka tate alanda moshilando

'hierdie stoel waarop jy sit is die stoel wat vader in die dorp gekoop het'

popepi negumbo lyetu opuna ondama onene mwamena omavo ogendji

< *mu/a/MEN/a

'naby ons huis is 'n groot dam waarin baie waterlelies groei'

Instrumentaal- bywoordelike verhouding asook die konnektief- bywoordelike verhouding

4.30 In Ndonga bestaan daar geen afsonderlike vorm-element om die instrumentale gedagte uit te druk nie. Die konnektiewe na-'en', 'het', word hiervoor afgesonder met instrumentale funksie. Hierdie werkwoord-kombinasie is in Afrikaans vertaalbaar met 'waarmee'. Die antesedent word in die relatiewe predikaat verteenwoordig deur sy absolute voornaamwoord as deel van 'n bywoordelike samestelling met na- bv.

ekuya tandiketha nalyo omuti, olyateka
 < *ta/ndi/K /eth/a

'die byl waarmee ek die boom kap is stukkend'

oonani nd^hoka tandipulula nadho epya, odho-
ondoka < *ta/ndi/PULUL/a

'die trekosse waarmee ek die land ploeg,
 is vet'

aantu mboka tandipopi nayo, oyakala popepi
natse < *ta/ndi/POPY/a

'die mense met wie ek praat bly naby ons'

omumati ngoka ndayile naye posikola ohela,
okwadhengele ndje nonkondo < *ndi/a/I/il/ə

'die seun saam met wie ek gister skool toe
 geloop het, het my vreeslik geslaan'

4.31 Negatief

itaandiketha < *i/ta/ha/ndi/K /eth/a

'terwyl ek nie kap nie'

itaandipulula < *i/ta/ha/ndi/PULUL/a

'terwyl ek nie ploeg nie'

itaandipopi < *i/ta/ha/ndi/POPY/a

'terwyl ek nie praat nie'

inaandiya < *ina/ha/ndi/I/a

'terwyl ek nie gegaan het nie'

Agentief- kopulatiewe verhouding

4.32 Die antesedent word hier in die predikaat ver-
 teenwoordig in die onpersoonlike kopulatief gevorm
 van die absolute voornaamwoord, bv.

omulongi ngoka aanona taalongwa kuye
oye omulumentu omunene

'die (spesifieke) onderwyser deur wie
 die kinders geleer word, is 'n groot man'

oyahala okudhipaga aantu mboka yadhengwa
kuyo ohela

'hulle wil die mense doodmaak deur wie
 hulle gister geslaan is'

Kategorie D voorafgegaan deur molwa- 'ter wille van',
polwa- 'betreffende'; nga- 'net soos'

4.33 Hierdie vormelemente word aan demonstratiewe geprefigeer met die betekenis van 'ter wille van die een wat'; 'betreffende die een wat'; en 'net soos die een wat', bv.

otandiyi molwagoka alombwele ndje

'ek gaan ter wille van hy wat my beveel het'

omulumentu polwangoka tandilongele, otafutu iinima vandje

'betreffende die man vir wie ek werk, hy sal my goed beloon'

ongombe ndjoka onene ngangame, otayinapa melundu

'daardie bees wat net so groot soos ek is, wei in die veld'

Possessiewe verhouding

4.34 Die antesedent word in die komplement verteenwoordig in 'n possessief gevorm van sy besitlike voor-naamwoordstar, bv.

omulumentu ngoka gwomwana gwoye taalu-kwa, okwayi koshipangelo

'die man wie se dogter siek is, het hospitaal toe gegaan'

omulumentu ngoka gwoongombe dhoye dhanwa omeya, okwasa

'die man wie se beeste water gedrink het, is dood'

Hulpwerkwoorde

4.35 Die werkwoordstamme hala 'wil', mana 'klaar wees', en yula 'kan, in staat wees', tree in die saamgestelde predikatief hulpwerkwoordelik op. Vergelyk ook die saamgestelde gesegdevorme; p. 116, par. 6.37.

omulumentu ngoka ndahala okumukwatha, okuku

'die man vir wie ek help is my oom'

neg.

omulumentu ngoka inaandihala ...

< *ina/ha/ndi/HAL/a

'die man vir wie ek nie ...'

omuntu ngoka tavulu okukwatha ndje,
neye kungame

'die man wat my kan help moet na my
toe kom. (Lett. laat hy na my kom)'

omumati ngoka amana okukotha, okwalongo
oshilonga she

'die seun wat klaar gerus het, het sy
werk gedoen'

Gevolgtrekking

4.36 Alhoewel die ooreenkoms met Kategorie C hier duidelik te bespeur is, is die volgende kategoriaal-onderskeidende kenmerke relevant

4.37 Die afwesigheid van die positiewe aanvangs-element /o-/ in alle positiewe konjugasies. (Vgl. par. 4.1)

4.38 Die negatief in Kategorie D1 word m.b.v. die negatiewe vormelement /i-/ + /-ha-/ uitgedruk. In Kategorie D4 word die negatiewe vormelement /ina-/ + /-ha-/ gebruik met gevolglike assimilasie. (Vgl. par. 4.11)

4.39 Die onderwerpskakel van Klas 1 enkelvoud is /a-/. (Vgl. par. 4.6)

4.40 Die demonstratief is nie 'n noodsaaklike inleidende lid tot die predikaat nie. Dit het slegs normale demonstratiewe funksie. (Vgl. par. 4.24)

4.41 Geen relatiefskakel word hier gebruik nie. Van 'n relatiefmodus kan hier geen sprake wees nie. (Vgl. par. 4.24)

4.42 Sintakties tree werkwoorde in Kategorie D in

twee verskillende verbande op, nl. as werkwoord as sodanig by uitdrukking van gelyktydige bandelinge en na sekere voegwoorde, en saam met 'n antesedent in verskillende verhoudinge tot die komplement.

4.43 Alhoewel Kategorie D op die oog af vormlike ooreenkoms met Kategorie C vertoon, is dit belangrik dat betekenis en gebruik verskil.

HOOFSTUK VKATEGORIE E5.1 Morfologiese struktuur.

- (i) stam (wortel + uitgang)
- (ii) refleksiewe vormelement /-i-/
- (iii) voorwerpskakel
- (iv) onderwerpskakel
- (v) vormelemente /-ka-/~/ka-/, /na-/, uitgang /-e/
- (vi) meervoudsagtervoegsel /-eni/
- (vii) negatiewe vormelemente /-ha-/, /-haha-/, /kaha-/
en /ina-/
- (viii) vormelement /ha-/

Inleiding

5.2 Noodsaaklike morfologiese kenmerke van Kategorie E is die basiese o/s + werkwoordstam op -e in die positiewe sowel as die negatiewe konjugasie. In die negatiewe konjugasie word die negatiewe vormelement /-ha-/ normaalweg tussen die o/s en die stam geïnfigeer. Alternatiewe negatiewe vormelemente /-haha-/ en /kaha-/ is minder gebruiklik. Die onderwerpskakel vir die derde persoon enkelvoud klas 1 is -a- sonder enige pre- of suffigale vormelemente, met uitsondering van /na-/ in subkategorie E5. (Vgl. par. 5.11) In die negatiewe konjugasie eindig die werkwoordstam op -a. 'n Moontlike verband met Kategorie B is nie uitgesluit nie. Nie-normale werkwoordstamme kombineer nie in Kategorie E nie. Volgens vorm en betekenis word die volgende subkategorieë onderskei:

- (a) Subkategorie E1 met kombinasie o/s + stam + /-e/ vir handeling in die hede. (Vgl. par. 5.18)
- (b) Subkategorie E2 met die vormelement /-ka-/ in 'n kenmerkende kombinasie vir handeling in die toe-

koms.

(c) Subkategorie E5.

Geen kombinasie vir gewoontelike handeling ' (subkategorie 3), of handeling in die verlede (subkategorie 4) realiseer nie. Subkategorie 5 maak voorsiening vir die kombinasie /na-/ + o/s + werkwoordstam op /-e/, vir 'n vriendelike bevel of 'n wens.

(i) stam (wortel + uitgang)

5.3 Enkel-, twee- en meerlettergrepige normale werkwoordstamme kom voor in Kategorie E.

5.4 Enkellettergrepige werkwoordstamme

... opo omuti gugwe < *gu/GU/e

' ... o, dat die boom val'

... opo ongombe yilye < *yi/LI/e

', dat die bees eet'

... opo ongombe dhise < *dhi/SI/e

', dat die beste vrek'

... kutya omuntu aze < *a/ZI/e

', dat die mens kom'

5.5. Tweelettergrepige werkwoordstamme

... opo omuntu adhenge < *a/DHENG/e

'dat die mens slaan'

... opo ndifundje < *ndi/FUNDJ/e

', dat ek lieg'

... opo aantu yagoge < *ya/GOG/e

', dat die mense vryf'

5.6 Meerlettergrepige werkwoordstamme

... omuntu eendelele < *e/ENDELEL/e

', dat die mens gou maak'

... opo ndiyedhile < *ndi/EDHIL/e 1)
' , dat ek toemaak'

... etango liningine < *li/NINGIN/e
' , dat die son ondergaan'

(ii) Refleksiewe vormelement /-i-/

5.7 Die refleksiewe vormelement /-i-/ kombineer met werkwoorde in Kategorie E onder dieselfde voorwaardes as by Kategorie A, (vgl. p. 3, par. 1.8) bv.

... ndiilonge < *ndi/i/LONG/e
' , dat ek myself leer'

... ayilonge < *a/y/i/LONG/e
' , dat hy homself leer'

(iii) Voorwerpskakel

5.8 Voorwerpskakels tree by werkwoorde in Kategorie E onder dieselfde voorwaardes op as by Kategorie A, (vgl. p. 4, par. 1.9) bv.

... emunone < *a/mu/MON/e 2)
' , dat hy hom kry'

... eshidhenge < *a/shi/DHENG/e
' , dat hy dit slaan'

(iv) Onderwerpskakel

5.9 Vir die volledige onderwerpskakel, vgl. Bylae B, p. 134.

(v) Vormelemente /-ka-/ ~ /ka-/na-/, uitgang /-e/

5.10 Die vormelement /-ka-/ word aan die werkwoord-

1) -y- as oorgangsklank

2) Vgl. assimilasie p. 54(b)

stam geprefigeer met 'n verdere betekenis van 'gaan/sal' in die kombinasie o/s + /-ka-/ + werkwoordstam op -e. Vir die kombinasie /ka-/ + werkwoordstam op -e, vgl. p. 36, par. 2.25.

... opo ndikaninge < *ndi/ka/NING/e
'dat ek sal werk'

... opo omuti gukagwe < *gu/ka/GU/e
'dat die boom sal val'

Vir verdere voorbeelde van die vormelement /-ka-/, vgl. p. 6, par. 1.13.

5.11 Die vormelement /na-/ kan met reg 'n hortatiewe vormelement genoem word wat alleenlik kombineer met werkwoorde in Kategorie E in die kombinasie /na-/ + o/s + werkwoordstam op -e. (Vgl. par. 5.2), bv.

natweende < *na/tu/END/e
'laat ons loop (ek en jy alleen'

nandiye nangoye? < *na/ndi/I/e
'mag ek saam met jou gaan'

5.12 Morfologies kombineer die hortatiewe vormelement /na-/ met die onderwerpskakels as volg:

TABEL V

<u>Kombinasie /na- + o/s</u>	
<u>positiewe konjugasie</u>	<u>negatiewe konjugasie</u>
1ste p.e. nàndilóngé	inàndilóngà
< *na/ndi/LONG/e	< *inà/ndi/LONG/à
m. 'laat ek werk'	'laat ek nie werk nie'
m. nàtùlóngé	inàtùlóngà
< *na/tu/LONG/e	< *inà/tu/LONG/a
'laat ons werk'	'laat ons nie werk nie'
2de p.e. nòlóngé	inòlóngà
< *na/u/LONG/e	< *ina/u/LONG/a 1)

1) Vgl. Kategorie B. p. 38, par. 2.29

'laat jy werk'	'laat jy nie werk nie'
m. nàmùlòngé	inàmùlóngà
< *na/mu/LONG/e	< *ina/mu/LONG/a 1)
'laat julle werk	'laat julle nie werk nie'
klas 1 nàlòngé	inàlóngà
< *na/a/LONG/e	< *ina/a/LONG/a
'laat hy werk'	'laat hy nie werk nie'
klas 2 nàalòngé	inàalóngà
< *na/ya/LONG/e	< *ina/ya/LONG/a
'laat hulle werk'	'laat hulle nie werk nie'

5.13 Die kenmerkende uitgang -e van Kategorie E word in die negatief van die kombinasie /na-/ + o/s + werkwoordstam + /-e/, deur /-a/ vervang. Vormlike ooreenkoms met Kategorie B (vgl. p. 37, par. 2.28) is duidelik, alhoewel daar duidelike toonverskille is. Vergelyk die volgende:

TABEL VI

/na-/ + o/s + werkwoordstam + /-e/

<u>positief</u>	<u>negatief</u>
nàndlòngé	inàndlóngà
'laat ek werk'	'laat ek nie werk nie'
nàtùlòngé	inàtùlóngà
'laat ons werk'	'laat ons nie werk nie'
nòlòngé	inòlóngà
'werk jy'	'werk jy nie'
nàmùlòngé	inàmùlóngà
'werk julle (asseblief)'	'werk julle nie (asseblief)'
nàlòngé	inàlóngà
'laat hy werk'	'laat hy nie werk nie'

1) Vgl. Kategorie B p. 38, par. 2.29

nàalòngé
'laat hulle werk'

inàalóngá
'laat hulle nie werk nie'

Kategorie B

lòngá!
'werk (jy)!'

inólòngá!
'moenie jy werk nie!'

lòngèní!
'werk julle!'

inámùlòngá!
'moenie julle werk nie!'

dhèngèlá!
'slaan vir!'

inódhèngèlá!
'moenie slaan vir!'

dhèngèlíí pò!
'werk julle vir!'

inámùdhèngèlá pò!
'moenie julle werk vir!'

Uit hierdie voorbeelde blyk dit dat daar van twee verskillende vormelemente sprake is, nl. nà- met laagtoon wat kenmerkend is van e.g. kombinasie en die vormelement -ná- met hoogtoon, van Kategorie B.

(vi) Meervoudsagtervoegsel /-eni/

5.14 Die gebruik van die meervoudsagtervoegsel /-eni/ is in Kategorie E slegs beperk tot die kombinasie /na-/ + o/s + werkwoordstam + /-e/ om meer as een uit te druk. Hierdie agtervoegsel word normaalweg in die plek van die uitgang /-e/ gesuffigeer, bv.

natweendeni < *na/tu/END/eni
'laat ons loop (almal)'

natuyeni < *na/tu/ I/eni
'laat ons gaan (almal)'

5.15 In die negatiewe konjugasie van kombinasies met die vormelement /na/, word /-eni/ in die plek van die uitgang /-a/ van die werkwoord gesuffigeer, bv.

inatweetheni < *ina/tu/ETH/eni

'laat ons (almal) tog nie nou ophou nie'

(vii) Negatiewe vormelement /-ha-/, /-haha-/,
/kaha-/ en /ina-/

5.16 Alhoewel die eersgenoemde drie negatiewe vormelemente as alternatiewe in Kategorie E voorkom, is die negatiewe vormelement /-ha-/ die meer gebruiklike. Die negatiewe vormelement /ina-/ kom slegs voor in die negatiewe konjugasie van die hortatiewe element /na-/. Assimilasie van /h/ vind in alle gevalle normaal plaas, b.v.

... opo ndaamone < *ndi/ha/MON/e

'dat ek nie kry nie'

... opo ndashamone < *ndi/ha/ha/MON/e

', dat ek nie kry nie'

... opo kaandimone < *ka/ha/ndi/MON/e

', dat ek nie kry nie'

inashilya < *ina/u/shi/LI/a

', dat dit nie eet nie'

(viii) Vormelement /na-/ 'tog/mos'

5.17 Hierdie vormelement word aan die voegwoord opo geprefigeer met 'n verdere betekenis van 'tog/mos'. Vgl. ook p.62, par. 3.36, bv.

... hapo ndimone

', sodat ek mos sal kry'

neg.

... hapo ndaamone < *ndi/ha/MON/e

', sodat ek mos nie sal kry nie'

Betekenis en gebruik

5.18 Kategorie E stel 'n handeling voor nie as feit of as werklikheid nie maar as afhanklik van of volg-

ende op 'n ander handeling. Kategorie E tree hoofsaaklik in afhanklike bysinne op.

Op grond van vorm en betekenis word die volgende subkategorieë onderskei:

(a) Subkategorie E1

pos. o/s + werkwoordstam op -e

... opo ndimone

'... dat ek kry'

neg. o/s + /-ha-/ + werkwoordstam op -e

... opo ndaamone

', ... dat ek nie kry nie'

(b) Subkategorie E2

pos. o/s + /-ka-/ + werkwoordstam op -e

... opo ndikaninge omukwaniilwa

', ... dat ek 'n koning word'

neg. o/s + /-ha-/ + /-ka-/ + werkwoordstam op -e

... opo ndaakaninge omukwaniilwa

', ... dat ek nie 'n koning word nie'

(c) Subkategorie E5

pos. /na-/ + o/s + werkwoordstam op -e

nandilonge

'laat ek werk'

neg. /ina-/ + o/s + werkwoordstam op -a

inandilonga

'laat ek nie werk nie'

Voorbeelde van gebruik

5.19 Na die hulpwerkwoord -vula(u), 'kan/in staat

wees', met toekomstige tydswaarde, bv.

ngele oshilambo shaningi oshile,
otovulu weethe(El) okufula

< *u/ETH/e

'as die gat diep is kan jy ophou
met grawe'

"itandivulu ndikuyamukule(El) nga-
shingeyi", Liina tayamukula

< *ndi/ku/YAMUKUL/e

'"ek kan jou nie nou antwoord nie",
het Liina gesê'

shoka omulonga oguna omeva ogendji,
itovulu wugutokole (El)

'aangesien die rivier baie water het,
kan jy dit nie oorgaan nie'

otandivulu ndikupe(El) omeva ngele
owasa enota

'ek kan vir jou water gee as jy dors
het'

5.20 Na die hulpwerkwoord wape 'kan', om 'n doel of
strewe uit te druk, bv.

okwahula mo ombulukweya ye opo a wape
ematuke(El) nawa

'hy het sy broek uitgetrek sodat hy vin-
nig kan hardloop'

oyandaadha nawa oshilongo yawape yeshima-
tukile(El)

'hulle het die land goed verken sodat
hulle dit kon aanval'

5.21 Na die voegwoorde opo/kutya 'dat/sodat', om
afhanklike bysinne in te lei, bv.

... opo ndilonge(El)

'... dat ek werk'

... opo yekumone(El)

'... sodat hulle jou sien'

ondahala kutya eye(El) < *a/(i) I/

'ek wil hê dat hy kom'

otakwatha ndje ope ndikaninge(E2)
omunandunge

'hy help my dat ek kan(sal) slim word'

ekuya stalike ope omuti gukagwe(E2)

'die byl kap dat die boom sal val'

neg.

... ope ndaakaninge ...
< *ndi/ha/ka/NING/e

... ope omuti gwaakagwe ...
< *gu/ha/ka/GU/e

5.22 Die voegwoorde kan ook weggelaat word, bv.

ondagwile koshipala shomukwaniilwa e
tandimwiindile kaadhipagithe ndje

'ek het voor die kaptein neergeval en
hom gesmeek om my nie dood te maak nie'

5.23 Vir die uitdrukking van 'n vriendelike bevel
of versoek of wens (E5), bv.

nandilonge 'laat ek werk'

natuye 'laat ons gaan (ek en jy)'

natuyeni 'laat ons gaan (almal)'

kaende 'gaan loop'

kateke omeva 'gaan haal water'

natweetheni ngashingeyi okudhana, natutsi-
kileni iilonga yetu < *na/tu/ETH/eni

'laat ons tog nou ophou met speel en met
ons werk voortgaan'

Gevolgtrekking

5.24 Subkategorie E word gekenmerk deur die onderwerpskakel sonder enige prefigale vormelemente, d.w.s. eenvoudig in sy samestelling, vgl. par. 5.2. Die prefigale vormelement /na-/ tree as prefigale vormelement voor onderwerpskakels in subkategorie E2 op.

5.25 Die uitgangsvokaal van die werkwoordstam in die positief en negatiewe konjugasie is -e, vgl. par. 5.4, met uitsondering van dié van subkategorie E2 in die negatiewe konjugasie.

5.26 Die negatief van Subkategorie E5, verskil vormlik nie van dié van die negatief van Kategorie B nie maar tonologies wel. Kategorie E5 gebruik dus 'n eie kenmerkende negatiefvormelement. (Vgl. par. 5.12).

HOOFSTUK VISAAMGESTELDE KATEGORIE F

6.1 Drie subkategorieë word hier onderskei:

Saamgestelde subkategorie F1

6.2 Die kopulatiewe werkwoordstam -li 'is/synde' word gebruik om handeling in die verlede uit te druk, in 'n saamgestelde konstruksie.

Saamgestelde subkategorie F2

6.3 Die kopulatiewe werkwoord -na, 'het' word in 'n saamgestelde konstruksie gebruik met 'n verdere betekenis van 'moet/moes' aan die werkwoord.

Saamgestelde subkategorie F3

6.4 Werkwoordstamme tree hulpwerkwoordelik op in 'n saamgestelde konstruksie.

Saamgestelde subkategorie F1

6.5 Drie verdere verdelings word hier gemaak:

- (a) /o-/ + o/s +-a-+-li + subkategorie D1
neg. /ka-/ + o/s +-a-+-li + subkategorie D1
- (b) /o-/ + o/s +-a-+-li + subkategorie D3
neg. /ka-/ + o/s +-a-+-li + subkategorie D3
- (c) /o-/ + o/s +-a-+-li + subkategorie D4
neg. /ka-/ + o/s +-a-+-li + subkategorie D4

Saamgestelde subkategorie F1(a)

6.6 Twee kategorieë word hierin verteenwoordig. Die eerste werkwoordvorm is kategorie C en bevat die kopulatiewe werkwoordstam -li, terwyl die tweede werkwoord of die hoofwerkwoord, die een is

wat die handeling uitdruk; en tiperend is van Kategorie D. Die onderwerpskakel van die eerste werkwoord, is dié van die onderwerpskakel van Kategorie C4. Die onderwerpskakel van die tweede werkwoord is die van die onderwerpskakel van Kategorie D1. In dié negatiewe konjugasie word die aanvangselement /o-/ van die eerste werkwoord met die negatiewe vormelement /ka-/ vervang.

6.7 Struktuur by die positief

(a) /o-/ + o/s + /-a-/ + -li + subkategorie D1

omulumentu okwali tahili ombiga ye
'die ou man was besig om sy pyp te rook'

ongula yonena sho eya pungame, ondali tandili natango

'vanoggend met sy aankoms was ek nog besig om te eet'

oshikombo oshali tashi napa pedhiya

'die bok was besig om in die vlei te wei'

6.8 Struktuur by die negatief

/ka-/ + subkategorie C4 + subkategorie D1.

omukulupe kakwali tahili ombiga ye

'die ou man was nie besig om sy pyp te rook nie'

OPMERKING

6.9 In die negatief word 'n alternatiewe onderwerpskakel -a- vir die derde persoon enkelvoud en klas I gebruik, bv.

omunati kali tavululukwa sho ndemwaadha
< *ka/a/li < *ndi/a/mu/ADH/a

'die seun was nie besig om te rus toe ek hom gevind het nie'

6.10 Wanneer toestandsaanduidende werkwoordstamme

gebruik word, is die onderwerpskakel die van subkategorie C4. Vgl. ook die volgende voorbeeld:

okwali akala mpoka < *a/a/KAL/a

'hy het presies daar gewoon'

aantu kayali taapatnathana esiku limwe

'die mense het nie een dag met mekaar
getwis nie'

okakambe okali kakayilwa komumati

'die perd was deur 'n seun gery'

okwali tekulongele

'hy was besig om vir jou te werk'

6.11 Struktuur by nie-normale werkwoordstamme

Subkategorie C4 (nie-normale stamme) + subkategorie D1 (nie-normale stamme), bv.

ngame ondali ndihole

'ek het lief gehad'

otse otwali tuhole

'ons het lief gehad'

ngoye owali ushi

'jy het geweet'

okwali ehole

'hy het lief gehad'

6.12 By die negatiewe konjugasie kan die hoofwerkwoord ook ontken word, alhoewel dit minder gebruikelik is. Die negatiewe formatief /-ha-/ word geïnfigeër. Algemeen gebruikelik is egter die ontkenning van die eerste werkwoord, bv.

kandali ndihole teenoor kandili ndaahole
< *ndi/ha/HOL/e

katwali tuhole teenoor katwali twaahole
< *tu/ha/HOL/e

ngoye kwa (kakwa) li ushi teenoor

kakwali waashi < *u/ha/SHI/i
kamwali muwete teenoor kamwa li mwaawete
 < *mu/ha/WET/e
kakwali ehole teenoor kakwa li keehole
 < *ka/a/ha/HOL/e

(b) /o-/ + o/s + /-a/ + -li + subkategorie D3

6.13 Met die vervanging van die vormelement /-ta-/ deur /-ha-/ word 'n verdere betekenis van 'gewoonlik' aan die handeling gegee, bv.

oshikombo oshali hashi napa pedhiya

'die bok was gewoonlik besig om in die vlei te wei'

omukulube okwali hakili ombiga ye

'die ou man het gewoonlik sy pyp gerook'

OPMERKING

6.14 Saam met die nie-normale werkwoordstamme word die vormelement /-ha-/ nie gebruik nie.

(c) /o-/ + o/s + -a- + -li + subkategorie D4

6.15 Die enigste vormlike verskil met subkategorie Fl(a) is dat subkategorie D4 na die kopulatiewe werkwoord -li 'is synde', gebruik word.

6.16 Struktuur by die positief

/o-/ + o/s + -a- + -li gevolg deur subkategorie D4, bv.

ondali ndakomba

'ek was besig om te gegee het'

okwali adhipaga oshikombo

'hy was besig gewees om 'n bok te geslag het'

6.17 Struktuur by die negatief

/ka-/ + o/s + -a- + -li gevolg deur subkategorie D4, bv.

pegumbo lyontumba kapwali pwadhipagwa

ondumetana < *ka/pu/a/LI

'by 'n sekere huis was daar nie 'n os
geslag nie'

kayali yasa ihe oyali yavulwa
< *ka/ya/a/LI

'hulle het nie gesterf nie maar
hulle was moeg'

Betekenis en gebruik

Saamgestelde subkategorie Fl(a)

6.18 Onvoltooide handeling in die verlede word hiermee uitgedruk. In Afrikaans is hierdie saamgestelde subkategorie vertaalbaar met 'ek was besig om te'. 'n Voortdurende handeling in die verlede word ook d.m.v. hierdie saamgestelde subkategorie Fl(a) uitgedruk, bv.

meme okwali tatsu iilya

'moeder was besig om koring te stamp'

omumati okwali amono kutya oshihauto
otashi kemulyata

'die seun het gesien dat die kar hom
gaan trap'

6.19 Handeling in hierdie saamgestelde subkategorie Fl(a) is ook verbind aan 'n bepaalde tydstip in die nabye verlede, bv.

ongula yonena odhali tadinapa pedhiya

'vanoggend het hulle (beeste) naby die
vlei gewei'

petango talipiti, omulumentu okwali tapi-
tha mo oongombe

'met sonsopkoms was die man besig om die
beeste uit te jaag'

pethimbo ndyoka aakulukadhi oyali taa=
longo epya

'op daardie tydstip was die vrouens besig
om op die lande te werk'

pokuthika kwetu aasamane oyali taanu
omalovu

'met ons aankoms was die mans besig met
'bier drink'

aantu ayehe oyali taadhiladhila kutya
ombepo otayikapepa

'al die mense het gedink dat die wind
sou waai'

uumbishi kawali wahala okuya momeya

'katte hou nie daarvan om in die water
